D I E V E R K L A R I N G S D R A N G.

Aestheties - komiese en fragmentariese oorweging i.v.m. die Verklarings-filosofie in die rigting van 'n eksistensiële dialektiek.

deur

D. C. S. OOSTHUIZEN.

Verhandeling ingelewer ter verkryging van die M. A. graad aan die Universiteit van Stellenbosch,

Junie 1949.

Jaar van Residensie, 1946.

„A passionate tumultuous age will overthrow everything, pull everything down; but a revolutionary age, that is at the same time reflective and passionless, transforms that expression of strength into a feat of dialectics: it leaves everything standing but cunningly empties it of significance. Instead of culminating in a rebellion it reduces the inward reality of all relationships by means of a reflective tension which leaves everything standing but makes the whole of life ambiguous ; so that everything continues to exist in fact whilst by a dialectical deceit, privatissime, it supplies a secret interpretation of the facts - that it does not exist."

S. Kierkegaard, in „The Present Age"

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE.

Hoofstuk I: Fragment oor die Drang tot Verklaring as 'n Denkmoontlikheid. bl. 6.

Filosofiese verklaring - 'n filosofiese verklaringsprinsiep kan nie eksisteer nie - bespreking van Kant se oplossing van die vraag na die moontlikheid van sintetiese-a-priori oordele - die rede as causa omnis et sui.

Hoofstuk II: Fragment oor die subjektiewe Grondslae van die Verklaringsdrang. p.41

Die Wil tot Vryheid -, die rol van selfkennis in die verklaring van die kosmos - kritiese gedagtes oor die Begin van die sisteem - die selfvernietigende aard van die Wil tot Vryheid.

Hoofstuk III: Fragment oor die Eksistensiële Grondslae van die Verklaringsdrang. p.91

Onkunde en selfkennis - onskuld - psigologiese aantekeninge oor die self, subjek en skuld - etiese aantekeninge oor die subjek, self en skuld - 'n argument vanuit 'n voorveronderstelling.

Voetnote en Aantekeninge. p. 107

Bibliografie. p. 131.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Errata.

p. 12. Ipv. „N.a.v., hoe die kategorië van die Verstand 'n selfopenbaring en selfspesialisering van die Transkendentale eenheid van Appersepsie word voorveronderstel deur die ervaring" lees „n.a.v., hoe die kategorië van die Verstand 'n selfopenbaring en selfspesialisering van die Transkendentale eenheid van Appersepsie kan weet, kan Kant nie aantoon nie. Die Kantiaanse kategorië en Transkendentale eenheid van Appersepsie word voorveronderstel deur die ervaring ens."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INLEIDING.

Enige denker wat die geskiedenis van die filosofie bestudeer, gee da rede te kenne dat die geskiedenis van die filosofie meer is as bloot 'n ry van aaneengeskakelde dog verouerde sisteme. Die geskiedenis van die filosofie is nie 'n museum van historiese kurioositeite, wat vir die huidige denker van geen waarde is nie. In die geskiedenis van die filosofie vind die denker die probleme terug waarmee hy homself ook besig hou alhoewel hierdie probleme gestoed in 'n ander verband of vanuit 'n ander gesigspunt gestel is. Die geskiedenis van die filosofie is 'n leerskool vir elke denker. Die <u>feit</u> dat die geskiedenis van die filosofie 'n leerskool vir elke denker is, op wat ter punt van die geskiedenis hy ook staan, hou egter verskillende implikasies in.

Die <u>feit</u> dat die geskiedenis van die filosofie 'n leerskool vir elke denker kan wees, dat die geskiedenis van die filosofie dieselfde probleme behandel wat die denker homself besig hou en dat die denker deur 'n studie van die geskiedenis van die filosofie sy eie denke beter leer verstaan, dui op 'n gemeenskaplike faktor in die filosofie van alle eeue. Hierdie gemeenskaplike faktor is gelê in 'n moontlikheid van die denker - 'n <u>denkmoontlikheid</u> wat deur die eeue aan alle denkers teenwoordig was en is.

Die <u>feit</u> egter dat die individuele denker dink en in sy denke die denke van die eeue terug kan vind, dui daarop dat die filosofie meer is as 'n opelerige akademiese aangeleentheid, die tydverdryf van

/..

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van professore. Die drang om te dink is 'n menslike drang om die geskiedenis van die filosofie is die geskiedenis van die uitgestrekte pogings van hierdie menslike drang.

Die feit egter dat die drang om te dink 'n menslike drang is, dui daarop dat die denkers van alle eeue, in hul drang om te dink, iets baie meer innig gemeenskaplik as die denke self, het. Die drang om te dink is 'n menslike drang en is dus gegrond in die feit van menswees. Deur die eeue het al die denkers dit gemeenskaplik; dat hulle mense is. "Dit is 'n moeilike bedrogbeid wat God aan die mensekinders gegee het om hulle daarmee te beel" (Prediker, 1[13]).

Hierdie drie implikasies wat volg uit die moontlikheid van 'n vrugbare studie van die geskiedenis van die filosofie is die tema van hierdie verhandeling. Die opset van hierdie verhandeling t.o.v. die ondersoek na die filosofie as 'n denkmoontlikheid, as 'n menslike drang en as gegrond in die feit van menswees, mag egter misleidend wees as dit nie verder gekwalifiseer word nie. Die opset mag te veelbelowend wees.

Dit is onmoontlik vir 'n individuele denker as 'n verhandeling van hierdie tema daar te stel wat die opset van so 'n studie sou uitput. Die geskiedenis van die filosofie is so omvangryk dat, as die denkmoontlikheid daarin volledigheid te behandel, 'n onbegonne taak sou wees. Hierdie verhandeling gaan dan meer bescheie uit van die poging tot verklaring wat /.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat in alle filosofie teenwoordig is. Die moontlikheid tot verklaring is egter essensieel onomvatbaar, omdat die moontlikhede van nuwe verklarings oneindig is. Hierdie verhandeling kan dus bloot fragmentaries wees.

Die denk-moontlikheid van die filosofie is egter 'n menslike drang. 'n Studie met 'n opset soos hierdie is dus intens persoonlik; die individuele denker kan die menslike drang tot verklaring slegs vanuit sy eie lewe verstaan. So 'n studie is 'n persoonlike studie: die denker bestudeer homself. So 'n studie behoort egter by die denker tuis; dit is sy persoonlike aangeleentheid waarom hy dink. Om so 'n studie te publiseer is komies, omdat die denker daardeur of die goedkeuring van ander persone wil kry op 'n gebied waar sulke goedkeuring 'n misverstand is; of aan ander wil vertel wat essensieel alleen homself aangaan, wat openbaar dat die denker in 'n aesthetiese verhouding staan tot wat sy erns behoort te gewees het. Indien die denker egter 'n N.A. student is wat uit boeke en deur argumente geleer het wat hy essensieel by homself moes geleer het, is so 'n studie dubbel aesteties en komies. (So 'n aesteties - komiese verhouding tot so 'n studie sou dan die probleem van so 'n denker moes gewees het indien hy nie self komies was nie).

Indien die studie egter die drang tot verklaring as die gevolg van die feit van mens-wees sien, sou dit absurd wees om so 'n studie te be-eindig deur 'n slot. Mens-wees word nie /....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie be-eindig voor die mens ophou om 'n mens te wees nie en om 'n slot op mens-wees te hê vóór hierdie einde, sou nie alleen 'n misverstand wees nie, maar 'n komiese absurditeit. 'n Studie wat as opset het om die drang tot verklaring as gegrond in die feit van mens-wees te ondersoek kan daarom hoogstens in die rigting van 'n eksistensiële dialektiek gaan.

Wat volg is dan 'n paar aestetiese-komiese fragmente wat in die rigting van 'n eksistensiële dialektiek gaan en wat handel oor drie aspekte van die verklaringsdrang, Nl: Die verklaringsdrang as 'n denkmoontlikheid, die verklaringsdrang as 'n subjektiewe - menslike drang en die eksistensiële grondslae van die verklaringsdrang.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1.

Fragment oor die Drang tot Verklaring as 'n Denkmoontlikheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1.

Die finale probleem van die wysbegeerte is die soeke na 'n verklaring van die wêreldgeheel. Weliswaar is daar 'n magdom van filosofiese probleme - metafisiese vrae, etiese vrae, epistemologiese vrae, ens., - tog sou 'n verklaring van die bestaande, of eksisterende, veelheid 'n antwoord op al hierdie probleme wees. Al die probleme van die filosofie sentraliseer om die geheimenis wat die bestaande omhul. Die misterie, die onkunde van die mens, is die finale probleem van die filosofie.

Die soeke van die wysbegeerte na 'n verklaring van die bestaande veelheid is 'n poging om, deur die inwen van kennis, die geheimenis wat die bestaande omhul te verdrywe. Die wysbegeerte wil m.a.w. van onkunde tot kennis kom. Daar lewe egter mense wat onbewus is van die 'wonderlikheid' van die bestaande veelheid wat hul omring; en ander wat hierdie eienskap van wonderlikheid wel aangevoel het, maar dit eenvoudig vernietig het deur die magie van sinnelose woorde - soos 'n mens ook fluit as jy by 'n kerkhof verby stap om spoke weg te hou. Dit in ag genome, sou dit meer juis wees om 'n 'verklaring' te omskrywe as berustend op 'n gesindheid; en hierdie gesindheid dan te omskrywe as 'n bewussynshouding teenoor die bestaande veelheid waarin die einskap van 'wonderlikheid', wat die bestaande omhul het, verdrywe is deur kennis - afgesien van die inhoud van die kennis wat as verklaring dien[2]). Enige verklaring is/.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is vir die wysbegeerte wat soek na 'n verklaring van die bestaande egter nie 'n afdoende verklaring nie. 'n Filosofiese verklaring eis kennis wat die geheimenis, wat die bestaande omhul, volkome sal verdrywe, en terselfdertyd ook selfverklarend, d.w.s. universeel en noodsaaklik, is.[3] „To explain the universe by something which is itself an ultimate mystery is surely no explanation."[4]

Die historiese sisteme van die filosofie verskil uiteenlopend oor wat as 'n genoegsame rede vir 'n verklaring van die eksisterende kan dien. Selfs is die banaliteit van alle verklaring aangetoon in 'n poging om 'n verklaring daar te stel[5]. Soms is 'n verklaringspoging egter ook slegs tot 'n spesifieke punt deurgevoer, en is voor die dillemma te staan gekom dat die verklaringsprinsiep as onverklaard self 'n misterie was.

As taak stel ons onsself dan die probleem: Is dit moontlik om 'n verklaring van die eksisterende te vind, wat die misterie wat die eksisterende omhul volkome sal verdrywe, universeel en noodsaaklik sal wees, en ook sigself sal verklaar?

Indien die vereiste vir 'n afdoende filosofiese verklaring is dat so 'n verklaring universeel-noodsaaklik en selfverklarend moet wees, volg dit dat so 'n verklaringsprinsiep nie self kan eksisteer nie.[6] Immers, as die eksisterende verklaar word deur 'n verklaringsprinsiep wat self eksisteer, bly die eksistensie van die verklaringsprinsiep onverklaard[7].

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"A reason is not a thing having a separate existence of it's own".[8] Dit is juis hierdie bewussyn wat die swaarte weeg teen 'n poging om 'n kousale verklaring van die wêreld-geheel daar te stel. Die prima causa is 'n arbitrêre ruspunt in 'n oneindige reeks van oorsake en gevolge, juis omdat die eksistensie van die prima causa onverklaard en nie-noodsaaklik is. Immers, indien kousaliteit daarop aanspraak maak om 'n finale verklaring van die wêreldgeheel daar te stel, moet die prima causa self onderworpe wees aan die verklaringsprinsiep.[9]

Dit skyn dus asof kousaliteit partikuliere feite kan verklaar, maar nie as 'n verklaringsbeginsel van die wêreldgeheel kan dien nie. Tog is kousaliteit as sulke nie by magte om selfs partikuliere feite te verklaar nie; die noodsaaklike element van kousaliteit kan naamlik nog empiries-induktief of logies-deduktief bewys word. Enersyds, die kousale nexus tussen oorsaak en gevolg is sinteties, soos Hume aangetoon het, en leen sigself dus nie tot logiese deduksie nie.[10] Immers, "it is essential to causality that cause and effect should be distinct and not capable of logical identification".[11] Andersyds, kan die empiriese metode nie 'n sintetiese oordeel maak sonder om van 'n beginsel van induksie gebruik te maak wat empiries nie regverdigbaar is nie. Immers, "causation is a relation of implication between events and not a sensible quality".[12]

Die wysgerige soeke na 'n verklaring bereik dus skynbaar in sy soeke na 'n verklaring 'n dilemma.[13] Of die fundamentele beginsels van die ervaring is sinteties, sodat geen noodsaaklike/....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

noodsaaklike verband tussen subjek en predikaat waar te neem is nie, en dus nog deur die ervaring nog a-priori bewysbaar is. Of al die beginsels van die ervaring is analities en bewysbaar deur suivere denke. 'n Filosofiese verklaring van kousaliteit sal dus moet kan aantoon hoe sintetiese - a-priori oordele moontlik is; hoe die sintetiese aard van die kousale noxus met die univer-
saliteit en noodsaaklikheid van kousaliteit te rym is.[14]

Die probleem van die moontlikheid van sintetiese-a-priori oordele, is, soos algemeen bekend, behandel deur Immanuel Kant in sy werk „Kritik der Reinen vernunft."[15] Weens die bekendheid van die werk stippel ons slegs kortliks die resultaat deur Kant bereik aan: Die verstand besit verskeie a-priori vorme wat alle ervaring voorafgaan, wat trouens die grond is van alle ordelike ervaring,[16] en wat die funksie van denke is wat handel met die wel van oordele[17]. Oordele kan sintetiese of analitiese wees; alle analiese voorveronderstel egter 'n sinthese, nie temporeel nie, maar logies.[18] Die moontlikheid van hierdie sinthese berus op die identiteit van die Transkendentale eenheid van Appersepsie. „Knowledge of succession implies selfidentity on the one hand and knowledge of objects on the other, (that) self-identity and knowledge of objects imply each other, and (that) the unity in both depends on necessary laws of connection ....."[19]

Om tot duidelikheid te kom, o.g. die waarde van hd. be-
skouing en 'n poging om 'n filosofiese verklaring daar te stel, /...

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

stel, is dit nodig om meer breedvoerig Kant se opvatting van die funksie en aard van die Verstand te bespreek.

Die kategorië, is volgens Kant, gee logiese presupposisies van kennis, nie slegs predikate van 'n de facto gegewe ervaringswêreld nie, maar is gee vorm van oordeel ook funksies van die verstand, "the faculty of judgement". "It is a way of understanding, as well as a character of what is understood"[20]. Kategorië besit dus die tweeledige natuur van sowel strukturele vorme van die fenomenale wêreld te wees as denkvorme van die verstand.[21] Die kategorië, verder, karakteriseer nie slegs elke of enige voorwerp in die fenomenale-ervaringswêreld nie, maar die fenomenale ervaringswêreld as geheel.[22] Immers, juis die universaliteit en noodsaaklikheid van die kategorië in die ervaringswêreld is 'n indeks van die fenomenale aard daarvan, sowel as 'n indeks van die a-priori aard van die kategorië. So gesien, slaag Kant dus daarin om die kategorië, as non-existensiële (existensie is self 'n modale kategorie) logiese gronde van die bestaandewêreld daar te stel.[23]

Teneinde sy onderskeiding tussen a-priori en a-posteriori te regverdig trek Kant 'n onderskeiding tussen kennis en denke. Kennis is vir Kant slegs 'n bewussyn van die fenomenale wêreld soos openbaar deur die aktiviteit van die Verstand, soos gespesifiseer in die kategorië, in die unifikasie van persepta tot konsepte. "Knowledge involves two elements: Firstly, the conception or/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

or category, by which an object in general is thought, the perception by which it is given."[24] Die sintuiglike kennis is afhanklik van die noumenon,[25] en die diskursiewe Verstand opereer met hierdie gegewe data, terwyl die fenomenalistiese kennis wat aldus gevorm word, nie as geldige kennis van die noumenale orde beskou kan word nie. Dit skyn dus asof die kategorieë, en die transkendentale Eenheid van appersepsie wat die grond van die funksionering van die kategorieë, is, nie as 'n voldoende filosofiese verklaring aanvaar kan word nie.

Immers: indien die Rede en Verstand bloot diskursief is,[26] kan die universele geldigheid van die kategorieë nie bewys word nie. Die kategorieë is die verstandelike vorme en as sulke die logiese presupposisie van die ervaring van die enkele subjek; m.a.w. die kategorieë is geldig in die fenomenale ervaringswêreld[27] van 'n subjek, nie in 'n objektief eksisterende ervaringswêreld nie; d.w.s. geldig, nie reëel nie. Sog, soos Kant ook besef, kan die kategorieë nie noodsaaklik en universeël wees indien die fenomenale wêreld geheel nie 'n ervaring is wat identiek vir alle subjekte is nie[28]. „Awareness..... of a world common to all experients belongs to finite minds only if they are differentiations of a universal mind".[29] Bewussyn van 'n ervaring gemeenskaplik aan die ervaringswêrelde van ander selwe impliseer 'n bewussyn van universaliteit in die eindige ervaring, 'n akte van self-transkendensie in die eindige ervaring. Indien kennis egter beperk word tot kennis van voorwerpe deur persepsie en konseptualisering op grond van die (bloot diskursiewe) aktiviteit van die /...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die verstand, kan hierdie bewussyn van 'n 'ietc meer', die kennis van onkunde, nie verklaar word nie.[30]

Nie alleen kan Kant nie aantoon hoe die kategorieë 'n gemeenskaplike fenomenale wêreld-al karakteriseer nie, en dus aantoon dat hul universeel en noodsaaklik is nie, maar hy kan ook nie die kategorieë filosofies herlei nie, d.w.s. Kant kan nie die noodsaaklikheid van noodsaaklikheid aantoon nie. Tereg verklaar Hegel, "where shall Understanding be able to exhibit necessity if it cannot show it in its own self, which is pure necessity."[31] Immers indien die Verstand bloot diskursief en regulatief is, kategorië vir die funksie daarvan afhanklik is van sintuiglike data, omdat dit sonder inhoud geen kennis is nie, is dit moeilik om te sien hoe dié Verstand 'n organieese sisteem van noodsaaklike relasies kan vorm.[32] M.a.w., hoe die kategorieë van die Verstand 'n selfopenbaring en self-spesialisering van die Transkendentale eenheid van Appersepsie word voorveronderstel deur die ervaring - maar filosofies hang hul in die lug,omdat hul nóg verklaar is, nóg selfverklarend is.[33]

Trouens, die hoëtoerige veldtog van Kant om die Rede as intuitief te beskou - d.w.s. in staat tot onmiddellike kennis van sigself - laat sy hele ondersoek 'n komiese of selfweersprekende karakter aanneem. 'Filosofie is vir Kant die diskursiewe gebruik van die Rede met die Verstand (d.w.s. die aktiviteit van die Verstand in ko-operasie met die sensa) as/...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as voorwerp.[34] Maar Kant vra nietemin: "wat is ervaring?" en "Wat is die Verstand en die funksie daarvan in kennis?"; en hy gee voor antwoorde op hierdie vrae daar te stel, kennis te beoit i.v.m. hierdie probleme. Maar sy definisie van kennis sluit die moontlikheid van kennis i.v.m. die vrae wat hy stel, uit; immers, as die ervaring 'is', 'is' dit nie op dieselfde wyse as 'n fenomenale voorwerp in die ervaring nie. Die hele "Kritiek der reinen Vernunft" van Kant bewys dus wat hy nie wou erken nie: dat die Rede nie bloot diskursief is nie.[35]

Die intuitieve moment wat die rede beoit, kan filosofies uit 'n kritiek op die Idee van die Ongekondisioneerde, 'n Idee van die Rede in die transkendentale dialektiek van Kant, herlei word. Hierdie Idee van die Rede, soos die ander Idees, is bloot regulatief in die beperking van die Verstand tot sy besondere funksionele terrein, en is nie konstitutief ten opsigte van sy voorwerp nie, maar die Verstand die voorwerpe van die fenomenale wêreld konstitueer.[36] Tog is die beperking van die fenomenale wêreld-geheel 'n betekenisvolle ken-oordeel, wat kennis van dit wat beperk, die Ongekondisioneerde, impliseer.[37] Wat is die Ongekondisioneerde wat die Rede ken? Aangesien die Kantiaanse 'ding-an-sich', op grond van sy eie definisie van kennis, 'n fiksie is,[38] en die fenomenale wêreld-geheel die wêreld is,[39] volg dit dat die ongekondisioneerde niks anders is as die Beginsel wat die Verstand tot sy spesifieke terrein beperk nie - d.w.s. die Rede. Die Rede is dus 'n staat sigself/...

eigeelf betekenisvol te ken, en is dus ook intuitief. Hieruit volg verder dat die Idees nie alleen regulatief is in die beperking van die Verstand tot die specifieke terrein daarvan nie, maar ook konstitutief optreer in die funksie van die Verstand. Die Rede is m.a.w. immanent in die Verstand, sodat elke ervaring gun gekondisioneerd eigeelf transkendeer en heenwys op die ongekondisioneerde Rede.[40] Ook volg hieruit dat onkunde nie essensiëel is nie, daar is geen onkenbare nie. Onkunde is onmiddellike kennis; of m.a.w. die selfkennis van die Rede wat nog ongeaktualiseerd is in die kennis van die Verstand.[41] Trouens, indien die Rede die grond of presupposisie is van die funksionering van die verstand, is onkunde, in die sin van ongeaktualiseerde kennis, die presupposisie van kennis.[42]

Indien die Kantiaanse ding-an-sich "a baseless supposition, a merely arbitrary and inconceivable creation of thought,[43]" is, volg dit dat die Rede, of syndo, die grond is van beide sintuiglike ervaring en denke, of Verstand.[44] Die Rede, volgens Kant, is egter self-identies, en as sulke die logiese presupposisie van alle integrasie.[45] Dog, 'n grond wat slegs selfintegrerend is, en nie ook selfdifferensiërend nie[46], kan geen finale verklaring wees nie. Dit skyn dus asof die soeke na 'n verklaring weereens voor 'n dilemma te staan kom: Die Rede as die verklarende grond is die Summum Genus; maar genus sluit ex definitio differentia uit[47]; tog is die Rede geen afdoende verklaring van die veelheid indien dit nie ook self-differensiërend, en nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en nie bloot self-integrerend, is nie. Hoe kan die Rede dan, die logiese grond van die betekenisvolle differentie wees, sonder verbreking van die wet van Identiteit; d.w.s. qua Rede? In terme van ons oorspronklike probleem, kan hierdie dilemma as volg omskrywe word: Alle verklaring is redelik, en soek dus 'n identiteits-relasie tussen differentie daar te stel. Indien die Ratio egter die principium explanationis is, mag só 'n verklaring geen aanname buite die Rede en daarop nahou nie; die ganse sisteem moet herleibaar wees uit die Rede in sy mees eenvoudige vorm.[46]

Wat is die eenvoudigste gedagte van die Rede; d.w.s. 'n gedagte wat nog nie partikulier is, en dus die differensiasie van die Rede voorveronderstel nie?[49] Volkome ongedifferensieerdheid is Niks, vanit, Nihil, nulla sunt predicata. Die primêre gedagte waaruit die sisteem gebou word is dus niks, maar hierdie Niks is die eenvoudigste vorm van die Rede, wat die zynde is, en kan dus nie bloot Niks wees nie. Niks is die ongekwalifiseerde, suivere zynde. «It is the utter indeterminateness of Being that is Nothing, or the utter vacuity of Nothing that constitutes Being pure and simple.»[50] Niks is 'n omskrywing van die suivere Rede, die denk-akte waarin die suiver zynde gedink word.

Die grondgedagte van die Rede slinger dus tussen die gedagte van die suivere zynde, en die suivere Niks. Tog is daar eintlik geen onderskeiding tussen zyn en Niks nie, want sodra/.....

sodra die onderskeiding na vore kom, verdwyn dit weer. Dit sou meer juis wees om die slingering tussen woorde wat dieselfde betekenis het, as wording aan te dui. Maar juis omdat wording impliseer dat die zynde moet oorgaan in die Niks, en die Niks in die zynde, is wording hier ondenkbaar. Immers Wording kan slegs gedink word op grond van 'n onderskeiding tussen zyn en Niks, want dit wat word is nog nie, maar juis omdat dit word moet dit reeds wees. N.a.w. Wording is 'n sinthese van wees en nie-wees nie. Maar hierdie onderskeiding waarop die denke van Wording berus is geen onderskeiding nie, want in die aanname van Niks is die direkte eenheid tussen Niks en zynde aangeneem. Zyn is ab initio oorgegaan in Niks. Hierdie direkte eenheid tussen zyn en Niks, wat nie word nie, kan nie omskrywe word in enige ander terme nie, dit is slegs daar. (Daar wees)[51]. Maar 'n daar-wees, teenwoordigheid, alhoewel suiwer en eenvoudig is bepaaldheid. Die Rede is dus suiwere bepaaldheid.[52]

As die daar-wees, die direkte eenheid van die zynde en die Niks, beklemtoon word t.o.v. een van die pole van die onmiddellike eenheid, ontstaan die onderskeiding tussen wat beslis is en wat beslis nie-is-nie, tussen Realiteit en Negasie.[53] Negasie is nie die Niks van die begin nie, immers, gua beklemtoning van die Niks in onderskeiding van die Zynde is Negasie steeds die negering van 'n affirmasie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Negasie is m.a.w. slegs 'n definisie van die Daarwees m.b.t. die gedetermineerde aard daarvan.

Genoeg is hiermee gesê om aan te toon dat die Rede nie analities deduktief opereer nie, maar dialekties, d.w.s. deur kontradiksie. Kontradiksie, in teenstelling met die opvatting van die Verstand, beteken geensins die volkome uitsluiting van die andere nie, maar die betekenisvolle beperking van die andere.[54] "Negation is..... the general name for determinateness as such: although anything - any finite thing or the Absolute itself - must be in order to be determinate, yet nothing could have any character at all without being significantly other."[55] "A is nie B nie", beteken nie dat B niks is nie; maar gua 'n verdere definisie van die Daarwees, die onmiddellike eenheid van zyn en Niks, is nie-B 'n karakter wat A besit deur die uitsluiting van B. Verder volg dit dat tussen Affirmasie en Negasie 'n logiese verband staan, juis gua kontradiksie. Immers, elke triade van Affirmasie-Negasie-Sinthese is 'n verdere definisie van die Daarwees, d.w.s. is 'n betekenisvolle karakterisering van die geïmpliseerde eenheid wat in alle kontradiksie teenwoordig is. Hierdie triades staan in 'n relasie van opeenvloging tot mekaar, omdat elke hoëre triade die oorspronklike kontradiksie tussen zyn en Niks meer eksplesiet definieer; elke sinthese keen sigself tot opsplitsing in 'n Affirmasie of 'n Negasie, juis omdat dit as verdere definisie van die Daarwees ook 'n verdere definisie van die eenheid tussen/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kunnen zyn en Niks is.[56]

Rede is derhalwe 'n verklaringsprincipe wat ook self-verklarend is, causa omnis of sui.[57] Al wat oorbly vir die filosofie is om die juiste orde van die verskillende triades van die Sisteem daar te stel. Die ganse wêreld is 'n logies-noodsaaklike proses, wat beide die proses van self-integrasie en self-differensiasie van die Rede is, of te wel, van die zynde wat Niks is nie; van die tabula rasa van kenbaarheid wat sigself aktualiseer in kennis.

Norton, Essensie impliseer eksistensie,[58] omdat die Rede die zynde is; kenbaarheid impliseer kennis want Rede en Zyn is identies.

„What is rational is real, and what is real is rational."[59]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VOETNOTE EN AANTEKENINGE.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

1) 'Geheimenis is 'n veelduidige begrip. Met die gebruik van die begrip hier word geen tegniese gebruik be-oog nie; aller - mins 'geheimenis' as betekenend 'die onverklaarbare.' Plato het die oorsprong van die filosofie gesien in die verwondering sodat geheimenis hier (miskien vaag genoeg om die begrip buite tegniese formuleringe te hou) omskrywe kan word as die objek van verwondering. Die Engelse woord "strange" en die Duitse uitdrukking "wunderlich zu Mute zu sein" sou ook as ekwivalente hier gebruik kan word.

2) As 'n Kind 'n man in die straat sien loop sal hy miskien sê papa; die ouer man sal sê 'dronklap', ens. Al hierdie vorme van kennis mag die bewussyn v.d. 'ienaardigheid ' of 'wonderlikheid' van die man verdrywe.

3) Croce, B: Introduction to the Philosophy of Hegel p.6,7

4) Stace W.T: The Philosophy of Hegel p.51.

5) Vgl. David Hume wat deur sy opvatting van die idee van kousaliteit as die produk van die psigologiese assosiasie van idees, die moontlikheid van 'n afdoende verklaring van die eksisterende onmoontlik gemaak het. Tog sou Hume se analise geen gesag kon dra as dit nie 'n geldige of noodsaaklike analise was nie.

6)/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6) Hierdie stelling lê reeds by wyse van implikasie in die Eleatiese filosofie. Die Eleatiese wysgere trek 'n onderskeiding tussen die sensasie en die Rede. Die sensasie het hul gedui as kenbron van die ewig-wisselende eksisterende, en die Rede as identies met die Realiteit of synde (to'ov) beskou. Die synde is egter 'nêrens' nie - is n.a.v. nie-tydelik en nie-ruimtelik. Hieruit volg dan die konklusie: die eksisterende is nie die reële of to'ov nie, en die reële eksisteer nie.

Vgl. Bohemell c.s. «Source Book in Ancient Philosophy» p.25,26.
Stace W.T «Op cit. p.4,5,6,7.

7) Plato se blywende bydrae tot die wysbegeerte is sy identifikasie van die universele met die reële. Nietemin beland Plato in dualisme agv. sy beskouing van 'n aparte ideëryk waar die idees eksisteer. Die eksistensie-wyse van die idees karakteriseer Plato as ruimteloos en tydloos, en maak hom daardeur aan die aanklag skuldig dat hy 'n 'Mite' tot verklaring het. Immers, die eksistensie van die Idees is nie 'n 'kopie' van die donke nie, en is ook nie 'n sintuiglike indruk nie- dit is transtydelik en transruimtelik. Plato se verklaring is dus geheel en al onverklaard.

Vgl. ook Bonnerjee, N.N; «A Genetic History of the Problems of Philosophy» p.151. «The idea cannot be a self-existent essence independent of matter. In order to exist a quality must appertain to some object". vgl. ook pp. 145,152-153 en Stace, W.T , op cit. p. 8-18, p.53.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

8) Stace, W.T. ibid. p. 56.

9) Vgl. Kain, K: "God Transcendent" p.190: "All thoughts and investigations therefore started by the inevitable question why concerning the causal explanation of the world, are quite pointless unless we are led back to a first cause, in which we can come to rest" on p.191: "What is done is just this: one member of the series of causes and effects is made absolute and is constituted the primum movens".

Vgl. ook Stace, W.T., op cit. p 51.

10) Treatise, Sokals IV, deel A. "In a word, then, every effect is a distinct event from its cause. It could not, therefore, be discovered in the cause ..... and the conjunction of it with the cause must appear equally arbitrary, since there are always many other effects, which to reason must seem fully consistent and natural".

Vgl. ook Ewing A.C: "Kants Treatment of Causality" p.17 ... the logic of identity is as incapable of deducing a-priori the general law that every change must have a cause, as it is of deducing that this particular change must have this cause".

Vgl. ook W.T.Stace, op cit. p.51

11) Ewing A.C., op cit. p.4

12) Ewing A.C:, loc. cit. Vir 'n bespreking van die verskillende

verskillende rasionalistiese en empiristiese beskouings van kousaliteit, sien ibid p. 3-15, en p. 15-23,

Vgl. ook Stace, op cit, p. 35-37
en Watson: "The Philosophy of Kant". p.13-15.

13) Die bewys wat dikwels vir kousaliteit as universeel noodsaaklik lui: "Elke feit of gebeurtenis moet 'n oorsaak het, iets of niks. Die oorsaak kan egter nie niks wees nie, want ex nihilo nihil fit. Daarom het elke feit 'n oorsaak." Hd. 'bewys' berus egter op 'n petitio principii, tw. dat elke gevolg 'n oorsaak moet hê (universaliteit van kousaliteit). Hd. petitio principii word dan 'geregverdig' deur die logiese wet van nonkontradiksie, (Ex nihilo nihil fit). Die konklusie is dus eintlik: kousaliteit is universeel omdat dit universeel is, en is noodsaaklik omdat dit noodsaaklik is.

14) Daar word dus na 'n verklaringsprinsiep van verklaring d.m.w kousaliteit self gesoek. Kousaliteit is immers nie self verklarend nie en moet 'n hoër beginsel van verklaring gesoek word. "The philosophic interpretation of any level of thinking must transcend the point of view of the thinker who is at that particular level". (Mure: "Introduction to the philosophy of Hegel". p.86)

Vgl. ook Kant (Watson: op cit. p.15):"..... the conception of a cause lies entirely outside the conception of an event, and introduces an idea not contained in it. By what right, then,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

then, do I pass from the conception of an event to the totally different conception of a cause? ..... What is here the unknown x, which gives support to the Understanding, when it seems to have discovered an entirely new predicate B to belong necessarily to the subject A?..... And yet our speculative a-priori knowledge, must rest upon synthetic or amplitative propositions."

15) Kant word hier nie bespreek qua 'n filosoof wat 'n bydrae tot die geskiedenis van die filosofie gelewer het nie - dit sou 'n kontradiksie wees om historiese determinasies as grondslag van 'n denkmoontlikheid te neem - maar die probleme van Kant, qua probleemdenker, beskou ons as 'n sinie qua non vir enige denkmoontlikheid wat konsekwent wil wees. Ons vereenselwig ons met die gedagtes van Whitehead dat:
"A new Idea introduces a new alternative, and we are not less indebted to a thinker when we adopt the alternative position he discarded. Philosophy never reverts to its old position after the shock of a great philosopher." (Aangehaal deur Mure: op cit, p. VII) en ook met Mure se kommentaar hierop: "A philosophy is to be judged by its fruits in subsequent speculation, not merely by the polemic of direct attack and defence" (Mure: Loc. cit).

16) Vir 'n goeie uiteensetting van die verskille tussen die empiriese gekondisioneerde universalia en a-priori kategorië,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kategorië, vgl. Kuyn: ibid. p. 84-85.

17) Kant: „Kritik der Reinen Vernunft." Trans. anal., Book I, Hoofstuk I Sekt I „..... We can reduce all acts of understanding to judgements, under standing itself may be said to be a faculty of judgements". Uit Watson, op cit., p.47.

18) Vgl. Kuyn: op cit. p.85, en Watson, op cit. p. 49. „Conception, however is due to the spontaneous activity of thought, and hence the complex content of pure perception must first be surveyed, taken up into thought and combined, before there can be any knowledge. This act shall I call synthesis. By synthesis, in its most general sense, is meant the act of putting various ideas together, and grasping their multiplicity in one consciousness".

19) Keirs: op cit. p. 40, Vgl. ook p. 44. „The unity of self-consciousness clearly follows from the twofold doctrine that we can know nothing, even our perceptions, except as an object held in unity by the relating activity of the mind, and that selfidentity is for us expressed in this unity".

Vgl. ook Kuyn: op cit. p. 89.

20) Kuyn: ibid. p. 86 et seq. en p. 91.

21) Vgl. Watson op cit. p. 49: „By synthesis in its most general sense, is meant the act of putting together various/....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

various ideas, and grasping their multiplicity in one consciousness. Now before we can analyse any idea, we must first have the idea and hence the content of a conception cannot orginally come into consciousness by analysis. It is by synthesis of various elements, whether these elements are given empirically or a-priori, that we first get knowledge." Vgl. ech p.50: "The first element that enters into the knowledge of all objects a-priori is the complex content of pure perception. The second element is the synthesis of this content by imagination. But as even this is not enough to constitute knowledge, a third element is supplied by the understanding in the conceptions which give unity to this pure, synthesis, and which consist solely in the consciousness of the necessary synthetic unity.

" The same function which gives unity to various ideas in a judgement also gives unity to the mere synthesis of various ideas in a perception - and this synthesis, in its most general expression, is the pure conception of the understanding. Understanding at once gives analytic unity to conceptions, and synthetic unity to the complex content of perception; and indeed the logical form of judgement presupposes and rests upon the very same act of thought as those by which a transcendental content is given to the various determinations of our consciousness".

Uit ons stelling van die beskouing van Kant op hierdie/....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hierdie punt skyn dit asof Kant die identiteit tussen 'subjektief' en objektief geloer het. Hierdie identiteitsleer kan egter nie aan Kant toegeskryf word nie. Die Kantiaanse idee van 'n bloot diskursiewe rede het gelei tot die beskouing van 'n dualisme tussen Verstand en sinne. So 'n dualisme raak egter 'n beskouing van die identiteit van subjek en objek onmoontlik. Hierdie bewaar teen Kant word hierna meer in extenso behandel.

22) Vgl. Kuyn, op cit, p. 87.

23) Vgl. Stenn W.P, op cit. p. 65. "Explanation involves two conditions. The first condition is that categories must be the logical conditions of the world. Kant showed that they are so ....."

Hier word nie uit die oog verloor dat die fenomenale orde onderskei word van die noumenale orde deur Kant nie, en dat die kategorieë o.d.r. nie ontologiese verklaringsprinsipes is nie, maar epistemologiese prinsipes, en as sulks eerder geldig en reël is. Ook word nie vergeet dat die stelling Kant waarskynlik te veel oor gee nie. Immers hoe die kategorieë die grond van die ervaring is, kan Kant nie beantwoord nie. Vgl. note 21, Hoofstuk I.

24) Watson: op cit. p. 73

Vgl. Kuyn: op cit. p. 98.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

25) As die Noumenon ook wegval, kan dit moeilik gesien word hoe die strenge onderskeiding tussen a-priori en a-poste-riori deur Kant gehandhaaf kon word.

26) Dat Kant deurgaans, formeel in elk geval, die Rede en die Verstand as non-intuitief beskou het, volg uit sy definisie van konnie, en ook (by wyse van implikasie) uit die empiriese afleiding van sy kategorie. Die gevolg hiervan is, dat die Kantiaanse konsepte geen individuu in nie, maar 'n saamgeflanseerde eenheid, d.w.s. bloot formeel is. Ook die kategorië (pure conceptions) is bloot formeel. Ewing skryf byv. oor die kategorie van kousaliteit: «Causality reduces to the thought of necessitated, not necessitating, sequence....» «Nowhere can I find any evidence of him (Kant) abandoning his view that causality does not involve any dynamical activity..» (op. cit. p. 172-173) J.A. Leighton praat selfs van die kategorië as «pitch-forked» in die sense. (Man and the Cosmos).

Vgl. ook Ewing: op cit. p. 97, p.93. «The category of cause and effect is a principle of mechanical ab extra determining .... it turns out to be a universal of sense-perception, the empirical concept which in judgement is the abstract general predicate.»

Vir 'n definisie van die verskil tussen Verstand en rede, sien Croce. op cit. p. 22.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

27) Objektief in die sin van onafhanklik wees vir die bestaan daarvan van een individuele subjek - m.a.w. 'n ervaringswêreld gemeenskaplik aan alle subjekte.

28) Vgl. J. A. Leighton, op cit. p. 66.

29) Vgl. Mure, op cit , p. 91.

30) In ons definisie van verklaring het ons die stelling neergelê dat 'n verklaring die misterie wat die bestaande omhul, afdoende moet vernietig. By wyse van 'n tussenwerpsel doen ons dan die volgende vraag: sou 'n verklaring van die noodsaaklikheid van onkunde nie reeds 'n afdoende verklaring wees nie?

31) Aangehaal deur Mure: ibid. p. 102.

32) Tog meen Kant dat die kategorië wel 'n sisteem vorm. Vgl. byv. Natson: op cit. p. 106. «For our reason is itself subjectively a system, though, if we regard it merely as a source of pure conceptions, it is not a system of knowledge, but only a system by which our investigations may be carried on: in other words, it supplies the principles of unity for knowledge, and must look to experience to supply the materials to be determined in accordance with these principles."

33) Immers, die Kantiaanse herleiding van a-priori kategorië is a-posteriori en dus filosofies nie geregverdig nie. (Vgl.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(Vgl. Stace: op cit. p. 84, 85, Kuyk: op cit. p. 103,104)
Stace stel hierdie gedagte goed: "Philosophic abstractions are not arbitrary but necessary, and therefore adequate to the real..... the philosophical universal is concrete: it is not the making of a skeleton of reality, but the comprehension of it in its fullness and richness." (op cit. p. 6-7)

34) Vgl. Kuyk: op cit. p. 104 - 105
Watson: op cit. p. 105

35) Vgl. Haernlé in „Mind", Oktober 1937, p.p. 501-502. Die poging van Kant bewys dat die Verstand nie kritiseerbaar is vanuit die Verstand self nie; alle kritiek voorveronderstel kennisbondeling van die synsfeer wat gekritiseer word.

36) Vgl. Kuyk: op cit. p. 98
Watson: op cit. p. 105

37) Vgl. Kuyk: op cit. p.101
Stace: op cit. p. 47: „It is only possible to be aware of a limit by knowing what is beyond the limit."

38) Kant het kennis gedefinieer as die aktualisering van die kategorieë deur konseptualisering van data, gegee deur die persepsie. Die kennis wat Kant dra, toon dat die onderskeiding tussen noumenale en fenomenale binne die fenomenale wêreldgeskiedenis goed val - wat, natuurlik, die onderskeiding 'n slug maak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vgl. Stace: ibid p. 46. „It is indisputable that all knowledge is conceptual. And the ability to apply a suitable concept to a thing constitutes knowledge of that thing. Now existence is a concept. Therefore to say that an unknowable exists is to apply a concept to the unknowable. But to apply a concept to it is to have knowledge of it. Therefore the theory that an unknowable exists involves the contradiction that we have knowledge of the unknowable."

39) Vgl. W.T. Stace: ibid. p. 62-63: «Experience (vir Kant) is the world. Experience was the term Kant used because he looked at everything from a subjective and epistemological point of view. But that is, subjectively, our experience, is objectively considered the world. ..... Experience is coterminous with the universe."

Belangrike implikasies volg hieruit. Die Rede is nou nie slegs die logiese presupposisie van alle ervaring nie, maar ook ontologies die grond van die wêreld, die bestaansorde. Indien dit so is, volg dat die terme subjektief en objektief identies is, of m.a.w. dat die Rasionele die reële is. (Hegel) (Vgl. ook n. 21, Hoofstuk I) Hiertoe volg dit dat die Rede die grond van die eksisterende is, en dat Rede en Bestaan in 'n logies-noodsaaklike verhouding tot mekaar staan. Sien Stace (loc.cit) skrywe «Categories ... must be the reason of which the world, is the consequent, and if we can show this in detail we shall have therein an explanation/.....

explanation of the universe." Die gekursiveerde „is" dui egter op 'n moeilikheid wat hieronder bespreek word.

Vgl. ook Mure: op cit. p 55

40) Vgl. Spinoza se definisie v.d ongekondisioneerde as die selfkondisionerende.

Vgl. ook Mure: ibid. p 98

Die verskil tussen Verstand en Rede is die verskil tussen 'n laëre fase of definisie van die synde, en die synde self. Die Verstand is diskursief teenoor die intuitiewe Rede. (Tog besit die Verstand ook intuitiviteit insoverre die Rede immanent daarin is). Ag.v. die diskursiewe aard van die Verstand handel die Verstand met kontras en kontradiksie, met die newesikking van konsepte. Die Rede daarteenoor dink die eenheid van die konsepte temmidde van die verskeidenheid daarvan - (handel n.a.v. nie met abstrakte universalia nie, maar met konkrete individua. Vgl. byv. Croce, op cit. p. 22)

D. 35, Hoofstuk I wat handel oor die onmoontlikheid van kritiek op die Verstand vanuit en deur die Verstand, word hierdeur duideliker. Omdat Kant nooit die Verstandsfase oorskrei het nie, was sy kategorië en konsepte abstrak en leeg. Dit is onmoontlik om 'n definisie v.d. synde te kritiseer vanuit daardie definisie self.

41) Vgl. J.A. Leighton. op cit p.p. 550-551

Hierdie omskrywing van onkunde as ongeaktualiseerde kennis volg reeds uit ons definisie van verklaring. Die kontak

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kontak met die nieterie veronderstel kennis van onkunde. Maar hoe kan 'n mens weet wat jy nie weet nie; m.a.w. die weet van one nie-weet is 'n vorm van kennis. (Vgl. S. Hawkesworth: "Philosophical Fragments". p.5)

42) Vgl. die Platonieese leer van Anamnesis.

43) Vgl. Bryant "Modern Philosophy from Descartes to Schopenhauer" p.p. 198-199.

44) Vgl. Hume: op cit. p. 55. „He (Kant) had not fully grasped that the 'original' unity of apperception, as he himself calls it, must be 'original' in the sense of being prior to the distinction of thought and being and therefore not merely subjective or merely objective ..... He has shown that subject is a higher .. notion than substance; he had clearly distinguished the transcendental Ego from the empirical self, using to express the former the formula 'I is I', and treating it as the fundamental principle of all synthesis. But he had not seen that the minds activity is an overreaching and inclusion of its object, an activity of self-consciousness wherein the object is not an external correlate, but a constituent moment mediating what would otherwise remain the bare Identity I=I"

45) Kant se Transkendentale Eenheid van appersepsie is maanlik die grond van alle sintese, dog, hoe hierdie formele kennisie /...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kondisie van 'n objektiewe ervaringswêreld met die materie van hierdie ervaringswêreld, waarvan die bronne onbekend is, in verband gebring kon word, was vir Kant 'n onoplosbare probleem.

46) Fichte toon reeds aan dat die proposisie van self- affirmasie A=A, of te wel die formele wet van identiteit, nie genoegsaam is vir 'n filosofiese verklaring nie. (Natuurlik bedoel Fichte met self nie 'n individuele bestaande subjek nie, maar die Kantiaanse transkendentale subjek. "Egoity and individuality the pure Ego and the empirical Ego are different Ideas. (Berman: op cit. p. 315). Fichte stoek Kant verby en paneer 'n tweede proposisie Nie-A =Nie-A, wat 'n voorwerpwêreld daar stel, sodat "... the ego both posits and negates itself ... it posits itself as a determinable (i.e. limitable) ego limited by a correspondingly determinable non-ego, and reciprocally determining (i.e. limiting) that non-ego." (Kuno:op cit. p. 56)

Vgl. vir 'n bespreking v. Fichte, Kuno: ibid. p. 56-58
en Bowen: op cit p.314-318

47) Vgl. Stace: op cit. p. 89 "How can the genus be shown to certain the species? To get from genus to species we have to add differentia. We have, therefore, to show that the genus contains the differentia. But the genus is expressly defined as excluding the differentia. To deduce the differentia from it would seem to be an illicit process."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

48) Hierdie probleem kan ook as volg gestel word: Alle aktuele kennis voorveronderstel differensiasie;want alles eindig word geken slegs in kontradistinksie, in neweskikking, en dus in onderskeiding. Hoe ontwikkel die Rede as die blote tabula Rasa van kenbaarheid, tot aktuele kennis, sonder 'n beginsel buite sigself om aan te neem; m.a.w. hoe vind die dirempsie van die Rede is subjek en objek plaas.

49) In wat volg is die uiteensetting van Sedlak; „Pure thought" nagevolg.

Vgl. ook Stace: op cit. p. 50 - 119
Mure: op cit p. 114 - 138

50) Sedlak: op cit. p. 5

51) Hierdie woord is 'n vertaling van „Presence" soos deur Sedlak gebruik. Die klaarblyklike vertaling, teenwoordigheid, is in die moderne filosofie dikwels gebruik om 'n persoonlike verhouding aan te dui: (Vgl. Buber: «I and thou" p. 79 «of course God is 'th wholly Other', but He is also the wholly same, the wholly present"). Om die volkome objektiewe Zyn van hierdie eenheid tussen Zyn en Niks aan te dui, is die term 'Daarwees' o.i. meer geskik.

52) Kragtens die feit dat die eerste triade slegs 'n minimum rationale is (uitdrukking v. Mure: op cit. p. 133) verval hierdie bepaaldheid in abstracto, onmiddellik weer in onbepaalde heid/..

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onbepaaldheid. Tog is die implosiere kontradiksie tussen Zyn en Niks hier reeds 'n bietjie meer eksplosief gestel.

53) Die vraag mag gestel word ; vanwaar hierdie beklemtoning ? Is dit nie 'n akte van buite die Rede om nie? Die antwoord is, die Rede is nie bloot staties, star identies nie, maar dinamies. Die bloot immanente proses vanuit die Rede self, waardeur hierdie eenheid gedink word, vereis 'n beklemtoning van die pole van die Daarwees. Die kontradiksie tussen Zyn en Niks is immanent, implosiet in die Daarwees, en omdat die Rede nie kan rus in kontradiksie nie, word hierdie 'sintese' (wat eintlik geen ware sintese is nie, omdat die kontradiksie implosiet is) onmiddellik die grond vir 'n duideliker herstelling van die kontradiksie.

Vgl. Kuro: op cit. p. 135
Stace: op cit p.p. 106-108

54) Ons het kortheidshalwe nie die ganse ontwikkeling van die sisteem selfs probeer opsom nie, die hoofdoel is hier slegs om die modus operandi van die Rede daar te stel. Vir 'n verdere uiteensetting van die self-dirempsie van die Rede in die kategorie, vgl. die werk van Stace : (op cit) en die van Sedlak. (op cit).

Die "andere" is 'n verdere kwalifikasie van Negasie.

55) Kuro: op cit . p.119

Plato reeds het ingesien dat kontradiksie nie negasie as/...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as prediherende nike impliseer nie, maar juis as predikorende 'n betekenisvolle andere. (In die „Sofis" en die „Republiek").

„Although Hegels sees in Aristotle's conception of reality as activity an advance on Plato's Forms, yet in the detail, if not the spirit, of his dialetic owes less to Aristotle than to Plato". (Cf. Muirhead: ibid. p. 117-118)

Vgl. Leighton: op cit. p. 502

Green: op cit. p. 20. „Unity is the positive, opposition the negative; but the negative is also positive, positive in so far as negative."

56) Vgl. Stace: op cit. p. 106. „The synthesis of a triad both abolishes and preserves the differences of thesis and antithesis.... The difference between the first and the second members of each triad are 'sublated' by the third. Firstly, the difference is abolished. The mediation and distinction are merged in a unity. But at the same time the difference is preserved within the new category." En p.p. 107-108. „The higher categories contain the lower. But it is also true, in another sense, that the lower categories contain the higher..... We may formulate the truth here by saying that higher categories contain lower categories *implicitly*, but that lower categories contain the higher categories *implicitly*."

Die innerlike (implisiete) en die uiterlike (eksplisiete) is identies.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vgl. ook Murg: op cit. p. 65. „Spirit is thus a subject which from phase to phase reconstitutes, or comes to fuller possession of its own nature..... any phase is an activity selfreconstitutive and directed primarily upon its proximate lower self".

57) Murg: ibid. p. 128. „Thought which is possessed of its own full nature - philosophic thought - is in essence self-developement from abstract to concrete. It is a process upwards, if we hold to the spatial metaphor, which is contained and realized in its conclusion. Such thought is selfconsciousness; a self-positing and self- determining activity".....

58) Volgens Kant is eksistensie 'n kategorie in die Modale triade. „Necessity is just existence given by mere possibility itself". (Watson: op cit. p. 53) Die oorgang van moontlikheid tot aktualiteit is, m.a.w. 'n logies-noodsaaklike proses, en die rede is dus, die grond van die eksisterende.

59) Croce: op cit. p. 58.

Hiermee is ook 'n filosofie van die aard van filosofie daargestel; dit is trouens reeds impliseer in die stelling inname in 'n geestesgesindheid wat na 'n verklaring van eksistensie soek. (Vgl. J.B. Baillie se artikel oor Hegel in die „Encyclopaedia of Religion and Ethics". Vol. VI, p. 572)

Volgens Baillie is die filosofiese konsep rasioneel, essensieel verstaanbaar (intelligible), en ook universeel, maar/..

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

naar konkreet universeel in teenstelling met die abstrak-klassifiserende Universalia, verkry deur abstraksie uit perseptiewe data. „It is the ultimate principle controlling and penetrating all thought wherever it appears, whether in sensation, perception or abstract reflexion; it is universal, but it is a concrete universal, that is, universality and particularity; it is a single identy in and through difference, is, in fact, thought as an operative individual unity; and each notion (concept) directly refers to and connects itself intimately eith other notions, so as to form an organically articulated system, a self-contained structure of notions".

Die Hegelianisme is 'n logika van die filosofie. Op so 'n logiese basis van die filosofie, is dit duidelik dat al wat die filosofie te doen staan is „to penetrate to its heart (d.w.s van 'n aspek v.d. 'realiteit' of eerder 'filosofie') .... to determine, first, the concrete concept which it expresses, and secondly, the individual moments which together constitute that concept. (Patrick: „Pascal and Kierkegaard" Vol. II p. 23. Daar is geen probleem wat die rasionele uysbegeerte nie kan oplos nie, buite die rede om is geen onoplosbare nie.

„The questions to which philosophy has no answer have their answer in this, that they ought not to be asked". (Croce:op cit. p. 70).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 11.

Fragment oor die subjektiewe Grondslae van die Verklaringsdrang.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Rationalism talks self knowledge were always "moving, automatically or laboriously, towards, an enrichment of the human being. That is what is disputed." (Mounier).

Ons het die taak van die denkmoontlikheid omskrywe as die soeke na 'n verklaring wat die misterie wat die bestaande onhul, volkome sal verdrywe; 'n verklaring wat universeel noodsaaklik en selfverklarend is.[1] Ook is aangetoon dat 'n filosofiese verklaring onderskei moet word van naïwe verklarings, wat as gevolg van 'n gebrek aan 'n kritiese vermoë nie 'n verklaring van hul "'verklaring" daarstel nie. Beide die filosofiese en die naïwe verklaring berus egter op 'n gesindheid. 'n Ondersoek na die Verklaringsfilosofie, die voor daarvan sowel as die konsekwentheid daarvan, sal dan as taak hê 'n ondersoek na die gesindheid waarop 'n 'verklaring' berus. Alvorens moet gevra word wat die konsekwensie is van die gesindheid waarop verklaring berus, nie die konsekwentheid van 'n besondere filosofiese verklaringsprinsiepe nie. As taak stel ons vir ons self dus 'n ondersoek na die konsekwensies van die moontlikheid waarop die Denkmoontlikheid berus.

Die filosofie as 'n soeke na verklaring, wortel in die vraag, in die onsekerheid, soos ook alle naïwe verklarings. Die vraag, egter, ontstaan nie vanuit sigself nie, maar uit 'n bewussyn wat vervreemd is van 'n wêreld wat sig ongeveg; d.a.w. in 'n bewussyn wat selfbewus geword het as 'n "Ek" teenoor die wêreld.[2] Die gesindheid waarop die soeke na 'n verklaring berus, wortel/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voriel duo in 'n verbreking van die onmiddellike sekerhede van die bewussyn; 'n vernietiging van die onmiddellike gebondenheid van die mens aan God, wêreld en medemens. Die mens is egter nie passief in hierdie afbrekingsproses nie; die vraag kom nie vanself tot die mens nie, die mens stel die onmiddellike sekerhede in die vraag. „Die Geschichte der Wissenschaften und der Philosophie ist das stete erneute Heraustreten aus der Unmittelbarkeit alles instinktiven Könnens und Wissens, sie ist getragen von Lust zur Unwissenheit."[3] Hierdie „Lust zur Unwissenheit" is 'n wil tot Vryheid, waardeur die mens hom oorgee aan die vasbergondheid en hom te onttrek aan die onmiddellike relasies waarin hy verkeer, en hierdie relasies dan opnuut te begrond deur sie krag en insig. Die wil tot Vryheid wil m.a.w. 'n tweede wêreldskepping waarin die mens die heelal wil begrond vanuit sy eie wese en deur sie krag.[4]

Hieruit volg dat die wil tot Vryheid die twyfel tot sigself neem en die middel waardeur die mens sigself bevry van die gebondenhede aan God, mens en wêreld.[5] Elke onmiddellike relasie waarin die mens tot 'n 'vreemde' gebonde is, moet deur die twyfel vernietig word,[6] sodat die mens dit opnuut vanuit homself en deur homself kan begrond. Immers, slegs die relasies wat die Ekheid vanuit sigself kan begrond kan werklik deursigtig (distincta et clara) wees,[7] kan, m.a.w. werklik begrond word./...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word. Twyfel, wat also die fundamentele openbaring is van die Ek-bewuste, filosofiese bewussyn het as resultaat 'n 'wêreld' wat van sy mag ontneem is en daarom ge-derealiseerd is.[8] Die onmiddellike sekerheid van die 'andersheid' v. dit wat teenoor die mens staan word vernietig, en as moontlikhede van die 'Ek-heid' daargestel.[9] Hierdie ontwerklikde moontlikhede val dan binne die magsgebied van die Ek-heid, en is dus glad nie as 'n 'vreemde' meer 'n bedryging vir die Wil tot Vryheid nie.

Die finale doel van die wil tot Vryheid is egter die herbegronding van die kosmos vanuit en deur die outonome self, d.w.s. die wil tot twyfel is 'n middel wat die terrein vir die optrede van 'n wil tot kennis uitbou.[10] Die wil tot Vryheid is dus dialekties, dit wil deur negasie 'n onvoorwaardelike Begin daarstel wat kan dien as die grond vir die begronding van die kosmos.[11] Hd. Begin moet egter in die Ekheid self gegrond wees, sodat in laaste instansie die Ekheid die Grond van sy eie begrondingsproses is.[12] In ooreenstemming dus met die wyse waarop die mens, as wakkere selfbewussyn in sigself terugbuig (re-flekteer), verander ook die vorm en betekenis van die wêreld wat as voorwerp van sy soeke dien; daar is m.a.w. 'n noodsaaklike korrelasie tussen 'n beskouing oor die wese van selfbewussyn en wêreldbeskouing; tussen vorm van Ek-heid en vorm van Kosmos.

Die vorm van die Ek-heid wat as grond dien vir die herbegronding/...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

herbegronding van die Kosmos, kan 'n werklike Grond wees slegs indien die vorm geheel en al insigself clara et distincta is.[13] Die self-bewussyn moet insigself volkome deursigtig wees, moet m.a.w. uit eie self-evidensie die kosmos herbegrond.[14] Die self-bewussyn is egter slegs volkome deursigtig indien dit self die reine Rasionaliteit is, d.w.s. slegs as die onmiddellike Identiteit van die rede met sigself, wat selfbewus is, die Grond van die sisteem is, kan die wil tot kennis 'n onvoorwaardelike Begin vir die sisteem vind. In hierdie onmiddellike Identiteit van sigself met sigself is die Ekheid volkome sigself.[15] Hd nuwe formulering van die wil tot vryheid is terselfdertyd ook 'n beregtiging van die wil tot vryheid uitsigself, en vir sigself.[16]

Die onmiddellike Begin van die sisteem wat vir sigself insigself, deursigtig is, die Ekheid wat reine rationaliteit is, maak aanspraak daarop om Absoluut te wees, (om dieselfde rede n.l. dat dit reine rationaliteit insigself is). Die geldigheid van hierdie aanspraak hang af van die Noodsaaklikheid van die Begin van die sisteem. Dat die Begin 'n onmiddellike begin moet wees om noodsaaklik te wees is voor-die-hand liggend.[17] „The system begins with the immediate, and hence without pressuppositions, and hence absolutely; the beginning of the system is an absolute beginning".[18]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Begin van die sisteem is dus inderdaad noodsaaklik; immers reine redelikheid is reine noodsaaklikheid. Die Absoluutheid van die Begin van die sisteem hang egter af van die vraag of Noodsaaklikheid-sy met die Noodsaaklike begin is; d.w.s. of die onmiddellike Begin van die sisteem onmiddellik daargestel is.

Die onmiddellike Begin van die sisteem, die Enheid wat as 'Bewussteen Überhaupt' (Kant) inderdaad deurdagtig is (Hegel) is qua volkome ongedifferensieerde ook die volkome abstraksie.[19] Daar mag nou gevra word of die onmiddellike Begin abstrak is as 'n proses van abstrahering vanuit die eksisterende of abstrak is sonder relasie tot die eksisterende.[20] 'n Proses van abstrahering vanuit die eksisterende kan egter nie die onmiddellike Begin van die sisteem daarstel nie, omdat elke beginsel van verklaring wat deur 'n abstrahering vanuit die eksisterende daargestel word, nie buite die dialektiek van die eksisterende staan nie.[21] Omdat die Begin van die Sisteem die reine rasionele self-bewussyn is, wat inderdaad buite die dialektiek van die eksisterende staan, (d.w.s. as reine Noodsaaklikheid ewig is) is die Begin 'n abstraksie sonder relasie tot die eksisterende. 'n Absolute abstraksie veronderstel egter 'n proses van refleksie, en o.d.g. is die Begin van die sisteem nie onmiddellik daargestel nie.

'n Absolute Abstraksie veronderstel egter 'n on-eindige refleksie,[22] maar 'n on-eindige refleksie beteken juis dat as 'n refleksie nie vanuit sigself tot 'n Begin kan kom nie,

behalwe/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

behalwe as daar 'n onmiddellike verband tussen twyfel en kennis is. Kan absolute twyfel vanuit sigself oorgaan tot positiewe kennis?[23] Is die wil tot kennis 'n immanente moment in die wil tot twyfel, sodat 'n ontwikkeling van twyfel uitsigself kennis sal voortbring?

Alle twyfel het as voorveronderstelling 'n sekerheid. „Immediate sensation and cognition cannot deceive."[24] Nl. 'kennis' gegee deur sensasie en waarneming is die basis van die wil tot twyfel, juis omdat dit aan verskil in interpretasie onderworpe is. Twyfel voorveronderstel denke en interpretasie, voorveronderstel 'n voorwerp waaraan getwyfel word. Die wil tot twyfel is juis die besinning dat geen interpretasie aanvaar moet word wat nie insigself clara et distincta, noodsaaklik is nie.[25] Die moontlikheid van 'n verskil in interpretasie voorveronderstel egter 'n verskil in gesigspunt en dus die historiese.[26] Verskil in gesigspunt is ondenkbaar in die transcendentale en transtydelike sfere van die ewige. Die vraag is dus of die basiese sekerheid waarop twyfel berus, sigself kan hipostatiseer temidde van twyfel; of vanuit 'n historiese gesigspunt tot noodsaaklike kennis gekom kan word; of die historiese noodsaaklik kan wees.[27]

„Everything that has come into being is essentially historical. For even if it accepts no further historical predicate, it nevertheless accepts the one decisive historical predicate: it has come into being."[28] Essensieel histories is dus wording. Dat iets geword het, of n.a.v. tot bestaan/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bestaan <u>mehon</u> het, voorveronderstel 'n voorafgaande <u>toestand</u> waarin die onmiddellik gegewe aktualiteit nie bestaan het nie, d.a.v. nie aktueel was nie.[29] Die subjek wat geword het moes egter 'n bestaan-op-een-of-ander-wyse gehad het in dié voorafgaande toestand, sodat die transisie wat in wording plaasvind 'n transisie is van een toestand - van-bestaan of bestaanswyse na 'n ander. Nd. 'bestaan' wat nie in 'n aktuele toestand 'is' nie, is 'n moontlikheid, en die transisie in Wording te vind is 'n transisie van moontlikheid na aktualiteit.[30] In 'n poging om tot sekerheid te kom of daar 'n historiese gesigspunt is wat noodsaaklike kennis kan gee, kan drie vrae gevra word: Kan die Noodsaaklike word, d.w.s. tot eksistensie kom? Kan Wording noodsaaklik wees? Kan die historiese op so 'n wyse begryp word dat wat geword het as noodsaaklik geworde gedink kan word?

Kan die Noodsaaklike bestaan? Die noodsaaklike is staedig tot sigself in dieselfde verhouding is s.a.v. selfdeterminerend. Alle wording besit egter die eienskap van passiwiteit dat dit geword het, onherroeplik geword het; die aktuele negeer die moontlikheid die oomblik wat dit geword het, beide wat-kon-gewees-het sowel as die moontlikheid wat aktueel geword het, word negeer in die transisie van moontlike na aktuele.[31] Die onveranderlikheid waarsee die Noodsaaklike tot sigself in verhouding staan, sluit egter dié passiwiteit uit. Die Noodsaaklike kan dus nie word nie.[32]

Kan Wording noodsaaklik wees? Kan die moontlike nie /.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie insigself dié element van noodsaaklikheid hó, dat dit noodsaaklikerwys geaktualiseerd moet word nie, sodat „Necessity is just existence given by mere possibility itself"? [33] Die Noodsaaklike kan slegs 'n sinthese van moontlikheid en aktualiteit wees indien moontlikheid en aktualiteit nie in kwaliteit verskil nie, maar essensieel identies is. [34] Die moontlike en die aktuele verskil egter nie in essensie nie, maar in toestand van bestaan. [35] By gebrek aan 'n beginsel van identiteit tussen hierdie toestande van bestaan is 'n sinthese ook onmoontlik. Die transisie van moontlike na aktuele kan dus nie noodsaaklik wees nie.

Kan die aktuele op so 'n wyse begryp word dat dit as noodsaaklik geworde beskou kan word? Die aktuele of verlede is onmiddellik gegee in sensasie en waarneming en is onveranderlik omdat dit geword het. Kan dié onmiddellike gegewe sigself nie hipostatiseer en op dié wyse twyfel transkendeer nie? Die historisiteit van die verlede is egter nie 'n onmiddellike gegewe van sensasie of waarneming nie [35], maar juis op grond van die diskontinuiteit tussen moontlikheid en aktualiteit die grond van 'n onsekerheid [36]. As nie direk van aktualiteit na moontlikheid te redeneer is nie, kan nooit ongetwyfelbaar aangetoon word dat die aktuele noodsaaklikerwys uit die moontlike 'geraliseer' of 'geaktualiseer' het nie. „If the past became necessary through being apprehended, the past would be the /....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

the gainer by as much as the apprehension lost, since the latter would come to apprehend something else, which is a poor sort of apprehension. If the object of apprehension is changed in the process of apprehension, the apprehension is changed into a misapprehension".[37]

'n Historiese uitgangspunt vir noodsaaklike kennis is dus onmoontlik.

As 'n universele twyfel nie vanuit sigself tot rus gebring kan word nie, omdat daar geen historiese uitgangspunt is wat ontwyfelbare kennis kan gee nie, is dit duidelik dat die wil tot vryheid insigself twee onversoenbare passies inhou: die wil om te twyfel en die wil tot kennis. Die wil tot vryheid is onmagtig om die ontwerklikbe wêreld weer tot aktualiteit te bring. Die wil tot twyfel dink wel aktualiteit en moontlikheid, en die verband daartussen, maar dink dit in die medium van moontlikheid. „Reality is an inter-esse between the moments of that hypothetical unity of thought and being which abstract thoughtpresupposes".[38] Elke Begin van die wil tot kennis is 'n hipothetiese Begin, omdat dit nie vanuit die twyfel begrond word nie, maar, deur 'n μεταβασις εἰς ἄλλο γενος toespyte van die twyfel.[39] Die wil tot kennis kan slegs tot 'n Begin kom deur die eksistensiële is die historiese uitgangspunt en die subjektiewe geslgspunt van die denker te ignoreer; die wil tot twyfel kan egter nie ignoreer dat die wil tot kennis die historiese go-ignoreer het nie[40]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za.

Die wil tot twyfel is dus demonies, ten slotte val dit ook die wil tot kennis aan, en word so getwyfel aan die moontlikheid van 'n sinvolle interpretasie van die werklikheidsgebiede.[41] 'n Twyfel aan die moontlikheid van die sinvolheid van alle interpretasie is egter 'n twyfel aan die grondstelling van die wil tot Vryheid - die vermoë van die mens om die kosmos vanuit sigself te begrond, m.a.w. aan die outonomiteit van die self, self.[42]

Die wil tot vryheid was (en is) egter nie 'n wilsbesluit wat in die eerste plek kennis op die oog het nie, maar wel op die samelewing die aandag gevestig hou. Die self wil in die samelewing sig bevry van God en mens, en wêreld,[43] van alle uiterlike outoriteite, en die samelewing slegs grond op die vermoë en die verantwoordelikheid van die mens self. Die Ekheid moet ook die grond van die samelewing wees. Tans is dit egter duidelik dat die Ekheid geen vorm[44] het wat kan dien as Grond vir 'n begrondingsproses van die Kosmos nie.[45] Die 'Niks' waaruit die wil tot Vryheid die kosmos wil herbegrond, kan in geen omstandighede positief gedetermineer word nie.[46] Indien die 'Niks' waaruit die wil tot Vryheid die kosmos wil her-begrond egter nie positief gedetermineer kan word nie, het die wil tot vryheid geen Grond as basis nie, slegs 'n Geengrond.[47] Die samelewing van die mens kan egter nie grondeloos wees nie, omdat beskawing en kultuur op die wil om te skep berus.[48] Tenslotte vernietig die wil tot Vryheid dus ook die samelewing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nihilisme[49] is die slot van die wil tot Vryheid omdat die wil op niks gegrond is nie. Deur te twyfel het die mens tot ver-twyfeling gekom.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VOETNOTE EN AANTEKENINGE.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK II.

1) Sien p. bo.

2) M. Buber: „I and Thou" p. 20,21,22 beskrywe die bewussording van die 'Ek' deur wat hy noem „the instinct to understand." "Consciousness of the 'I' is not connected with the primitive sway of the instinct for self-preservation any more than with that of the other instincts. It is not the 'I' that wishes to propagate itself, but the body, that knows as yet of no 'I'. It is not the 'I' but the body that wishes to make things, a tool or a toy, that wishes to be 'creator'. Further, a cognosco ergo sum, in however naive a form and however childlike a conception of an experiencing subject, cannot be found in the primitive function of knowledge. The 'I' emerges as a single element out of the primal experiences, out of the vital primal words I-affecting-Thou and Thou-affecting-I, only after they have been split asunder and the partîpio has been given eminence as an object." Daarom noem Buber ook die relasie van Selfbewuste subjek tot objek "the word of separation" p. 23.

Vgl. ook O. Hartmann: "Der Mensch in Abgrunde seiner Endlichkeit" (17) "Die Geschichte der Menschheit von den mythologischen zeiten her, die Geschichte des Einzelmenschen von der Leibesgestaltung im Mutterleib über die Kindheit zum Erwachsenen, das Geschehen jedes morgendlichen Erwachens aus dem Schlafe, sowie jedes sich-Besinnen aus der traümerischen Unmittelbarkeit des Alltages: sind ebensoviele Geschehnisse des sich-selbst-Ergreifens in immer neuen Hinsichten auf neuen Ebenen."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

K. Heim : God Transcendent" toon aan hoe die self nie kan waarneem as daar nie 'n 'afstand' tussen subjek en objek is nie: „As soon as a point can be observed, it ceases to be the point of observation .... As soon as this distance is reduced to zero, I cease to see the object." (p. 106) Tereg wys hy daarop dat die feit van selfbewussyn insigself implikasies inhou wat die filosofie nie kan ignoreer nie. „ I am able to differentiate Myself from the whole world and from all my fellowmen; to withdraw into myself; and to be doen with Myself." (p. 103) Hd. feit is inderdaad die oorsprong van alle filosofie - en die verborge grond daarvan.

3) Hartmann: op cit. p. 22. My kursivering.

4) Dit mag betwis word dat hierdie taak (die wêreld uit sigself te begrond") dié taak van die filosofie is, op grond van die feit dat hierdie taak eers eksplesie® gestel is in die filosofie v. Descartes. Tog moet onderskei word tussen die eksplesiete vraagstelling en die implesiete vraag van die feit van die vraag. Immers, eers Kant het die implikasies van die Cartesiaanse vraagstelling gesien, (Oorgang van Substans na Subjek) tog is die Kantiaanse vraagstelling nie los te maak van die Cartesiaanse nie. In alle vraagstelling is die Wil tot Vryheid die voorveronderstelling. „'Freiheit' ist es die fragt, also wird sie es sein, die sich letzlich selbst zur Antwort erhält. Das Fragen und Antworten geht aus der Entschlossenheit des Einzelnen zur Rechtfertigung seines Wesens hervor und wendet sich auch an den einzelnen, zu sich selbst erwachten Menschen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In philosophischen Forschen verstehen wir uns immer lebendig als solche, die entschlossen sind, sich selbst aus sich heraus zu begreifen. Mag die Untersuchung daher zur Bejahung oder Vereinung der Freiheit gelangen, so ist in beiden Fällen Freiheit lebendig am Werke gewesen ..... Freiheit ist also das Grundproblem der Philosophie, weil diese in einer Freiwerdung gründet." (Hartmann: ibid. p. 15.16) Immers, die maatstaf van wat as verklaring sal dien, is afhanklik van die insig van die subjek, al word ook 'n maatstaf geneem wat 'uiterlik' is. En dat selfs die Cartesiaanse twyfel nie die finale implikasies van die feit van vraagstelling eksplesiet stel nie, sal blyk uit ons ondersoek.

5) So verklaar Hopper: „The Crisis of faith" p. 71.i.v.m Descartes. „Beginning with the 'discovery of his own ignorance' - Montaigne's universal doubt - Descartes aimed at finding a group for knowledge that would be stable unyielding, and incontrovertible. This he found by running the principle of doubt to ground. He disclosed in doubt itself the reality of thought." dus outonome!!! Vgl. ook S.Kierkegaard: Philosophical Fragments p.6

„Immediate sensation and immediate cognition cannot deceive. This is important for the understanding of doubt ..... This thought underlies Greek scepticism ...The Greek sceptic did not doubt by virtue of his knowledge, but by an act of will(refusal to give assent - vet-plotta Deiv) ... he did not wish to overcome his scepticism, precisely because he willed to doubt." Uit hd. twee aanhalings, wat twee beskouings oor twyfel daarstel, blyk dat twyfel die vernietiger is van die onmiddellike gebondenhede (D.w.s van die naïwe toestemming aan 'n interpretasie/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

interpretasie vd. onmiddellike aanraking en verwondering), waarin die self hom bevind, en as sulke die voorveronderstelling is van die verklaringsfilosofie. Vgl. ook Hartmann: op cit. p.26 ff. nag.

6) Die ontkenning van die 'vreemdheid' of 'anderheid' van die relasie waarin 'n mens tot die 'andere' staan, is ook 'n weggedenking van die 'vreemdheid' wat die kern van die misterie is; die twyfel omskep die misterie tot 'n probleem deur sy invraag-stelling van die relasie waardeur die self gebind word aan die 'andere'. Die 'misterie' is nie te vind in 'n relasie waar 'n 'Subjek' 'n 'objek' kan betrag nie, d.w.s. bloot konstateerbaar waarneem nie. Die mens is in die misterie betrokke. Vgl. byv. Marcel: "The Philosophy of Existence" p. 11 oor die misterie vandie liefde. „I who inquire", skryf hy, „into the meaning and the possibility of this meeting, I cannot place myself outside it, or before it: I am engaged in this encounter, I depend upon it, I am inside it in a certain sense, it envelopes me, and comprehends me - even if it is not comprehended by me". (Vgl. ook M. Buber: „Between Man and Man" p. 124, 125, vir soortgelyke gedagtes oor die misterie van die mens). Die 'misterie' openbaar nieself („without betraying itself" M. Buber, I and Thou) dus in 'n relasie waar die mens nie as waarnemer nie, maar as deelnemer gebonde is aan 'n vreemde; die misterie is dus ook nie objektief formuleerbaar nie, is geen probleem of vraag nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Deur die invraag-stelling van alle relasies waarin die mens tot 'n 'vreemde' in relasie staan, word die misterie onthop tot 'n objektiewe vraag; maar juis o.d.r. is die vraag reeds 'n interpretasie.

In enige poging tot 'n formulering van die misterie moet die 'anderheid' van die relasie ongekrenkt bly. „A mystery is a problem which encroaches upon its own data, invading them, as it were, and thereby transcending itself as a simple problem." (G. Marcel, op cit. p. 8) Daaron is die probleem-formulerings (die vraag) van die verklaringsfilosofie nie te betwyfel nie; die probleem-formulering is objektief en universeel-geldig, die misterie-probleem subjektief. Om tot die misterie te kom vanaf die probleem is 'n vetо μεταβασις εις αλλο γενος nodig - en sodra die 'sprong' gedoen is, is die formulerings nie meer geldig nie. (Marcel, ibid. p. 8,9)

Terug verklaar Marcel dan dat die misterie metaproblematies is, en dat die die probleemformulerings voorafgaan. Hieruit blyk nogeens dat die verklarings-filosofie in 'n geesindheid verval. „To postulate the meta-problematical is to postulate the primacy of being over knowledge (not of being as asserted, but of being asserting itself); it is to recognise that knowledge is, as it were, environed by being, that it is interior to it in a certain sense....." (loc. cit).

Vgl. ook Mounier: „Existentialist Philosophies" p7/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

„It has been customary ever since Kant's day, to begin any system of philosophy with a Theory of knowledge. Since I am going to exercise my mind, I must first of all ask myself how satisfactory the apparatus is which I am going to use in order to criticise it. This very order of priority implies that thinking is not considered from the angle of man's being, that is, as one of his manifestations, but solely from the angle of things"..... Vgl. ook sy uiteensetting vd. verskillende wyses waarop die misterie verban word deur objektivering. p. 8, 9, 10.

7) Vrl. Hartmann, op cit, p.49. „Die Suche des Selbstes nach sich selbst.... ist die Grundproblematik, vor der alles äussere Forschen und Tun verblasst. Denn alle Klarheit in Tun und Erkennen muss in Vagheiten bleiben, solange das Subjekt des Tuns und Erkennens sich selbst noch als schattenhaft empfindet", on p. 21. „Soll der Mensch die sagenhaften Ordnungen der Welt in wahrer Erkenntnis, sein eigenes unverwechselbares mikrokosmisches Wesen als Selbst-Täter besitzen, so muss ihm in Selbst-Ergreifen zunächst alles dieses verdunkelt werden. Indem er in freiem Bewusstsein Gott gleich zu werden strebt, geht ihm das Paradies verloren. Aus der Verhaftung und Verfallenheit an die Dinge der Welt, an die Triebe und Möglichkeiten seiner Seele, aus der Dunkelheit und den Irren seines Denkens und Forschens heraus kann er erst eine wesenhafte Wahrheit und Freiheit finden, die die „seinige" genannt werden darf ..."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

8) Op hierdie de-realisering en ontmagtiging van die werklikheidsgebiede deur die twyfel, is alle tegniese prestasies van die mens gebou. M. Buber wys in sy werk „I and Thou" daarop dat hierdie derealisering van die werklikheidsgebiede op 'n gesindheid berus waardeur voorwerpe gesien word nie as wordende nie, maar as geword. Immers, alles wat wordend is het 'n element van die onsekere, die onvoorspelbare in, waarop ons later sal terugkom. (Vgl. Kart Heim, op cit p. 99). Wat geword het (die voorwerpe van waarneming) besit egter 'n stabiliteit wat voorspelling - omgekeerde noodsaaklikheid - moontlik maak; d.w.s. indien die feit dat die Verlede geword het, die in ag geneem word nie. „The I of the primary word I-it." Skryf Buber (op cit p. 12) that is the I faced by no Thou, but surrounded by a multitude of 'contents', has no present, only the past. Put in another way, in so far as man rests satisfied with the things that he experiences and uses, he lives in the past, and his moment has no present content. He has nothing but objects. But objects subsist in time that has been." Op p. 7 van dieselfde werk toon Buber hoe hd. ontwerkliking van 'n 'Jy' die basis is van alle analise, en dus van die wetenskap.

Vgl. ook Mounier op cit p. 7
en Hartman op cit p. 28, 29, 30.

9) Die vernietiging van die 'andere' deur die twyfel het dit vir die Ekheid moontlik gemaak outonoom te wees - m.a.w. die wOreld vanuit sigself te begrond. Hierdeur, immers, is die Onkenbare vernietig en is die begrondingsproses wat die wil tot /.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot vryheid op die oog het principieel moontlik geword. Die Onkenbare, innere, is onkonseptualiseerbaar, juis omdat dit die geheel-en-al-andere is. „When qualified as absolutely different it seems on the verge of disclosure, but this is not the case; for the Reason cannot even conceive an absolute likeness." (Kierkegaard: Fragments, p. 35) Die rede kan algeelf innere nie absoluut negeer nie. „If no specific determination of difference can be held fast, because there is no distinguishing mark, like and unlike finally become identified with one another. The unlikeness clings to the Reason and confounds it, so that the Reason no longer knows itself and quite consistently confuses itself with the unlikeness." (Kierkegaard ibid p. 36) Ook K. Jaspers („Vernunft und Existenz" p. 1)sien dit so. „Den Philosophieren eigner das Streben: das Unvernünftige und Widervernünftige aufzufangen; es durch Vernunft zu formen, es in eine Weise der Vernunft zu verwandeln, ja es zuletzt als mit Vernunft identisch zu erweisen: alles Sein soll Ordnung und Gesetz werden." Die irrasionele is dáárdie nog-nie-gerasionaliseerde, is m.a.w. nie 'n grens van die Ratio nie, maar die taak daarvan. (Vrl. F. Heerling, Antithesen p. 145) Hierdie prinsipiële verwydering van die Onkenbare is die grond van die Monade-leer van Leibniz, wat die 'moderne' omwenteling is van die rekollektiewe leer van Socrates. (Beide hê. beskouings stel sosiale aspekte van die wil tot vryheid, alhoewel vanuit verskillende probleemgesigspunte). „In the socratic view each individual is his own center, and the entire world centers in him, because his selfknowledge is a knowledge of God."

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

„If a human being is originally in possession of the condition for understanding the Truth, he thinks that God exists in and with his own existence" (S. Kierkegaard, op cit. p. 7 en p. 15)

Socrates het tot sy rekollieksie-leer gekom deur die probleem te oorweeg: Hoe kom ek tot kennis. „One cannot seek for what he knows, and it seems equally impossible for him to seek what he does not know. For what a man knows, he cannot seek since he knows it; and what he does not know, he cannot seek since he does not know for what he seek." (Kierkegaard: ibid. p.5) Aangesien 'n mens egter nie 'n Onkenbare kan leer ken nie, is kennis-uitbreiding slegs 'n proses van bewuswording van kennis wat 'n mens potensieel reeds besit het. Kennis uitbreiding is dus wesenlik 'n inkeer van die mens tot homself, her-innering; en kan die mens deursigself tot kennis kom. „The truth in which I rest was within me and come to light through myself." (Kierkegaard: ibid. p. 8) Dit is ook die grond vir die sokratiese metode- dat die vraag die antwoord kan uitlok. (maieutiese metode).

Op die wyse probeer Socrates sy soeke regverdig - en die vraag wat hy homself gevra het kon dié antwoord uitlok a.g.v. die primêre stelling-inname van die Wil tot Vryheid. Soos Kierkegaard toreg oê (ibid. p. 10): „The condition for understanding the Truth is like the capacity to inquire for it: the condition contains the conditioned, and the question implies the answer." Bd. kondisie, waardeur die self uitsigself die wêreld wil begrond blyk ook duidelik uit die Monadeleer van Leibniz./...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vgl. Hartmann: op cit. p. 56. «Die Monadenlehre, wie sie von Leibniz ausgebildet wurde, ist der Versuch der zur freien, autonomen Ichheit, erwachten abendländischen Menschheit sich in diesem ihrem Sein begrifflich zu fasse, es als das ergentliche und wahre «Sein" zu verstehen und dieses zum grundsätzlichen Leitfaden und Massstabe einer allgemeinen philosophischen Seins - und Weltinterpretation zu machen..... Die reale Geburt des Menschen zur Monade, darin alle philosophische Monadologie letzuch gründet, ist so in ihre eigene innere Problematik verstrickt und vor die Aufgabe gestellt, sich in sich selbst zur neven freien Welt - und Menschen - gemeinschaft und kosmischen Verantwortlichkeit zu übersteigen. Das Problem der 'Transzendenz', des 'Fensters' ist die reale Aufgabe der menschlichen Existenz und dann auch der philosophischen Theorie .....In der Monadenlehre des Leibniz ist der verborgene Massstab an dem 'Sein' und 'Einheit' gemessen werden das Ich. Alles in abstrakter Weise. Eine oder Viele muss seine Einheit und Selbigkeit oder seine Vielheit durch die einigende und strevende Einsheit der Ichheit behalten." (Vgl. ook p. 57 et seq. en p.38-43 van Hartmann ibid)

Vgl. ook F.H. Bradley: Appearance and Reality p. 346 aangehaal deur Hopper: op cit. p. 82. „My external sensations are no less private to myself than are my thoughts or my feelings. In either case my experience falls within my own circle, a circle closed on the outside, and, with all it's elements alike, every sphere is opaque to the others which surround it. In /....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In brief, regarded as an existence which appears in a soul, the whole world for each is peculiar and private to that soul."

Dat hd. beskouinge egter slegs begrondinge is wat ingeneem is in 'n oorspronklike in-die-vraag-stelling, blyk uit wat R.F. Beerling: op cit. p.152, 185-186 oor Feverbach te sê het, wat ook God gedink het as beetaande "in and with his own existence" - alhoewel nogmaals deur 'n andere probleem-stelling as beide Socrates of Leibniz. Vir Feverbach is God „das ab - und ausgesonderte subjektiuste, ergenste Wesen des Menschen." Hierop sê Beerling ibid. p. 185-186: «Is God, voor Feverbach, de uit wensch - en noodcomplexen geboren verdubbeling van den Mensch, zijn selfobjectiueering op hooger niveau, dan is er van een eigenlijk, outonoom Gods-probleem al geen sprake meer, de verhouding van het werkelyke wezen mensch tot het fictieve wezen God van alle raadselachtigheid ontdaan, een psycholochisch ontleedbaar phenomeen naast andere phenomenen."

Vgl. ook Jaspers p. 12. „Ohne die unendliche Reflexion würden wir in der Ruhe eines Festen, das als Bestand in der Welt absolut wäre, geraten, d.h. abergläubisch werden. Eine Atmosphäre der Unfreiheit entsteht mit solcher Fixierung. Die unendliche Reflexion ist daher grade durch ihre grenzenlos bewegende Dialektik Bedingung der Freiheit. Sie sprengt jedes Gefängniss des Endlichen. Erst in ihrem Medium kann etwa aus der Unmittelbaren Leidenschaft, die als fraglose noch unfrei ist, die unendliche Leidenschaft werden, in der die unmittelbare durch die Frage hindurch festgehalten und eigentlich treu wird/..

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wird als frei ergriffene".

Vgl. verder Hopper: op cit. p. 54.55.56 vir 'n beskrywing van die openbaring vd. Wil tot Vryheid in die Renaissance.

10) Vgl. Hartman op cit. p. 9. «Der tiefere Sinn des Willens zum richtunglosen Chaos ist der zur freien Schöpfung und Selbstorientierung. Also schafft sich der Mensch selbst die Problematik, in die er sich verwickelt und wird sich verwickelt und wird sich so der Wille zur Freiheit selbst zur Aufgabe. Hier zeigt sich die eigentümliche Zweideutigkeit, gewissermaszen die'schizoide' Struktur der Ichheit oder Selbstheit, welche die innere Voraussetzung für alles Selbst- und Weltbewusztsein ist. Die Geschichte des Einzelnen und der Menschheit entnimmt die treibende Kräfte dieser Spannung. Deshalb hat Goethe die Weltgeschichte den Kampf des Glaubens mit den Unglauben, des Ja mit dem Nein genannt". Belangrik hier is die aanduiding dat die wil tot twyfel en die wil tot kennis teenoorgestelde 'passies' (Kierkegaard: op cit. p) is. «Er (Zweifel) zweifelt nicht aus Gründen, sondern er sucht Gründe für seinen Zweifel .." (Hartman: op cit. p. 30) Dat die finale 'probleem' van die Wil tot Vryheid ook deur die wil tot Vryheid daargestel is, nl. die oppossisie tussen sekerheid en onsekerheid, en dat die finale probleem van die Wil tot Vryheid eintlik die Wil tot Vryheid self is.

Vgl. Byv. hoe hd. stryd tussen 'Ja' en 'Nee' in die /.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in die Sokratiese leer van Herinnering, die Cartesiaanse twyfel, die Leibniziaanse Monadologie en Hegeliaanse dialektiek steeds weer die grond probleem van die Wil tot Vryheid word. Al hd. formuleringe van dié probleem is egter omskrywings van die Wil tot Vryheid self.

11) Vgl. byv. die twyfel van Descartes „I resolved, he says, to reject as absolutely false everything which was subject even to the smallest doubt". (Bowen: op cit. p. 24) „I gradually became emancipated from many errors which tend to obscure the natural light within us and make us less capable of listening to reason. But after I had spent some years thus in studying in the book of the world and trying to gain some experience, I formed one day the resolution to stay within myself , and to devote all the powers of my mind to choosing the paths which I must hereafter follow".....(Aangehaal deur Roger's,uit die Discourse de la Methode, in „A Students history of Philosophy", p. 238).

Hierdeur wil Descartes hom ontrek van die oorgelewerde. Dit is egter nie heeltemal waar dat 'n nuwe mens, radikaal anders as die Middeleeuse mens, deur Descartes daargestel is nie. Oordrewe klem op die "silent sorites" wat met die Renaissance in die geskiedenis van die Weste ingesluip het, skep maklik die indruk. (Soos byv. in die werk v. Hopper, op cit. Hopper sê egter self „The failure of the Renaissance can be understood by pressing inwardly into that unrecognized prius of doubt/

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

doubt which is its back-lying principles of enervation ..... Mediavalism was vitiated by a principle of enervation not unlike the principle which has emptied the Renaissance postulates of its significance." (op cit. p. 64 - 65) By Descartes het die Twyfel van sigself bewus geword, daarom ook die klem wat die Renaissance en Aufklarungsfilosofie op die methode en outonomiteit van die self leat val.

In elk geval blyk dit dat die twyfel van Descartes nie 'n spelerige, akademiese aangeleentheid was nie, maar 'n nuwe en meer intensiewe openbaring van die Wil tot Vryheid. As die moderne denke by Descartes begin, is dit geensins omdat 'n nuwe 'begin' deur Descartes daargestel is nie, wat kwalitatief verskil van die 'begin' van die skolastisisme nie, of van die Helenisme nie. Die moderne filosofie - 'n metode filosofie - grond in Descartes omdat deur sy bewuswording van die metode van die Wil tot Vryheid, die moontlikheid van 'n filosofie van die filosofie daargestel is. Descartes is die vader van die beskouing wat die Epistemologie tot metode van die filosofie daargestel het - vandaar die Empirisme, Rasionalisme, Dialektiese Methode, Intusionalisme die Piëtisme, en die eksistensialisme.

12) In laaste instansie berus die vorm wat die verklaringsfilosofie aanneem dus op insig van die mens in sy eie wese: «Im Zusammenhange mit der erwachenden Kontraktion des Menschen in sich selbst, verwandelt sich auch der Sinn und die Gestalt der ihm jeweils eröffneten Welt. Die Geschichte der Weltanschauungen und Kosmologie ist die Geschichte der realen Verwandlungen des Seins

/..

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Seins des Menschen in Einheit mit den Weisen seiner Selbsterkenntnis im Zusammenhange mit den jeweiligen ihm umgebenden Weltrealitäten". (Hartmann, op cit, p. 17)

Ook omdat die verklaringsprinsiep in die Ekheid grond en in laaste instansie die Ekheid self is kan 'n verklaringsprinsiep nie eksisteer nie. (Vgl. Hoofstuk 1 p) „A reason cannot have a separate existence of its own." (Stace W.T. op cit, p.56) juis omdat so 'n eksistensie in 'n misterie relasie tot die self sou staan, m.a.w. 'n element van vreemdheid sal besit. (Vgl. Notal 6, Hoofstuk 11)

Die Griekse filosofie kan nog na so 'n eksterne verklaringsprinsiep soek (vgl. Plato & n.3 p. 3 Hoofstuk 1) terwyl die vertrouend-relasie tussen self-en wêreld nog nie vernietig was deur die Twyfel nie. „Das Griechische Denken ist noch in hohem Masze ein Erleben objektiv waltender Weltgedanken. Der Kosmos selbst ist vernunft-begabt und sinnerfüllt" (Poseidonios) und die denkende Bemühung ist das Betätigen eines höheren Sinnesorganes, das den Menschen an jene Weltenwahrheit anschliesst, ihm den Anstief zu ihr ermöglicht. ("Theoria" als vernehmende Schau der inneren Vernünftigkeit des Seienden als solchen) Met die vernietiging van die vertrouens relasie tussen self en Kosmos, wat die Subjek-objek probleem moontlik gemaak het, het dit eksplesiet gestel geword dat die taak van die wil tot Vryheid die begronding vd. Kosmos deur sigself en uitsigself is./.....

("Theorie' als hypothetisch-konstruktives Ersinnen und Entwerfen der Wirklichkeit"). Aanhalinge uit Hartmann, op cit. p. 23)

Vgl. ook Hönner: op cit. p. 54 et seq

en M. Buber: "What is Man" in "Between Man and Man".

13) Vgl. die verskil tussen Kant en Descartes - tussen die Substand vorm van die Ekheid, en Kant wat die Subjek vooropgestel het.

14) Vgl. die verskil tussen Kant en Hegel. Alhoewel Kant, deur sy "Kritik der Reinen Vernunft" filosofie doelbewus tot die Epistemologie terug herlei het, kon hy nie weer by die Ontologie kom nie, omdat sy Transkendentale Eenheid van appersepsie nie insigself self-evident was nie. In Hoofstuk 1 het ons dié probleem geformuleer in terme van die intuitiwiteit en diskursiwiteit van die Rede en Verstand onderskeidelik. (Hoofst. 1 p. 9) Tereg het Kant aangetoon dat die eenheid van denke op 'n agterliggende Identiteit (die Transkendentale Eenheid van Appersepsie) berus - maar daar is aangetoon in Hoofstuk 1 dat hd. Identiteit

1) nie bloot diskursief kan wees sonder dat Kant in solipsisme vervàl nie, d.w.s. nie alleen epistemologiese geldigheid kan besit nie, maar ook ontologiese geldigheid as verklaringsprinsiep moet besit

2) dat hd. Identiteit as self-differensierend die basis moet wees vir selfintegrasie - d.w.s. as Ontologiese verklaringsprinsiep causa sui et omnis moet wees, d.w.s. selfevident.

Vgl. ook Hopper p. 73, 74, 75 - et seq.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

15) Vgl. Hartmann, op cit. p. 23-24. „Was die Sinne zeigen .... ist nicht die Wahrheit, weil es nicht in einsichtiger Weise durchdrungen ist. Im sinnlichen Auf-fassen - und in ähnlicher Weise in allen überkommenen dogmatische Überzeugungen, - sind wir in passiver Weise auf ein Seiendes gerichtet, von etwas beherrscht und hingenommen, was wir nicht selbst sind. Im mathematischen Kalkül allein sind wir ganz wir selbst, die Prinzipien des Intellektes sind die Formen der reinen, aus sich aktiven und bei sich selbst seienden Ichheit. Hier allein gibt sich zunächst Selbstheit ihr eigenes Gesetz. Selbstheit ist an sich selbst reine Rationalität, sie ist nich zunächst irgend ein Ding, das ausserdem noch erkennt und denkt. Sondern indem sie sich selbst vollzieht und in wacher Klarheit ihrer selbst mächtig ist, ist sie das reine Denken und Wissen. Dieses ist das Licht, das vom Menschen aus die nunmehr kosmisch-dunkle Welt erleuchtet. Alles was Anspruch auf wahres Sein macht, muss in der Form jenes reinen Denkens 'sein' und von ihm hervorgebracht werden können. Da nun jenes Denken als Selbst vollzug des Seins das innere Wesen der Ichheit ist, so bedeutet das, dass alles Seiende und alle Wahrheit am Massstabe dieur Freiheit gemessen und als inneres Moment der Existenz der Ichheit verstanden werden."

Vgl. Hopper op cit. p. 83: „'In this new age', he (Hegel) said of the period opened by Descartes, 'the leading principle is thought, and thought which originates from itself, that interiority which is a universal feature of Christianity and the distinctive Protestant principle. It is now the principle/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

principle universally admitted, to hold fast to interiority as such, rejecting, and regarding as impertinent and lifeless, externality and authority. In accordance with this principle of interiority of thought, thought for its own sake, is now the pure quintessence of inwardness, interiority which posits itself for its own sake'....' True reality is merely this process of reinstating selfidentity."

Vgl. ook Beerling op cit. p. 136 - 145 oor die Methode Monisme van die Marburgse skool. (Cohen en Natorp). «Indien de ratio het begrip produceert en het begrip de werkelijkheid schept of afbeeldt, dan is een zorgvuldig uitgebouwde Methode primaire voorwaarde om tot kennis te geraken." (p. 140) Hiermee is «het gehate 'feit', de vervloekte 'sprong'..... principieel uit 't gebied der werkelijkheid verdreven..... De rationalistische methode is scheppende methode, werkelijkheid is door de ratio voortgebrachte werkelijkheid en wat ze verder mage zijn is irrelevant, valt buiten het bereik en de aandacht der rationeele machtsmiddeln (p.141) So sê Cohen self «Wir fangen mit dem Denken an" die onafhanklike denke «von allen Gaben, auf die es für seinen eigenen Anfang angewiesen wäre" (P. 142). «Das Sein ruht nicht in sich selbst, sondern das Denken erst lässt es entstehen")p. 142) «Nicht am Himmel sind Sterne gegeben, sondern in der Wissenschaft der Astronomie. In der Wissenschaft allein sind Dinge gegeben und für die philosophischen Fragen angreifbar vorhanden" (p.143 en Jaspers, op cit. p.3 «In den neueren Jahrhunderten vollzog sich /...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sich dagegen mit Descartes und allen, die ihm folgten eine radikale Begründung der Vernunft auf sich selbst allein, wenigstens im philosophischen Erdenken des Seins, das der Einzelne für sich vollzieht. Während Descartes noch Gesellschaft, Staat und Kirche unangetastet liess, entstand in der Folge die Haltung der Aufklärung; Mit dem, was ich giltig denke und was ich empirisch forschend erkenne, kann ich die richtige Welteinrichtung erreichen. Das Vernünftige Erkennen im Sinne von voraussetzungloser Allgemeingiltigkeit ist die zureichende Grundlage des Menschlichen Lebens überhaupt...."

16) Hiermee het ons weer gekom tot die onmiddellike Begin van die Sisteem van die Verklaringsfilosofie en aangetoon dat hd. Begin slegs 'n nuwe formulering is van die Wil tot Vryheid self. Negasie impleseer Determinasie, Determinasie impliseer negasie, sodat op grond van die onmiddellike Identiteit tussen these en Antithese direk oorgegaan kan word van twyfel tot kennis Hd. begin is dus nie alleen 'n formulering vd. Wil tot Vryheid nie maar ook 'n beregtiging daarvan, vanuit die Wil tot Vryheid self. Vgl. die "Begin met Niks" (Hoogstuk 1). Met „die ontrekking v. alle gebondenheide" (Hoofstuk 11).

17) Die Begin moet nl. as Grond v.d. Sisteem beide self-differensierend en self-integrerend wees, en dus as die presupposisie van alle integrasie en differensiasie onmiddellik wees, Identiteit-in-sigself.

18) S. Kierkegaard: Unscientific Postscript, p.101; die /.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die volgende kritiek op die Begin is ontleen aan die skrywer ibid. p. 99 - 113.

19) Vgl. S. Kierkegaard: loc. cit, oor die vergelykende aard vd. uitdrukking 'volkome(abstrakte. «The System, so it is said, begins with the immediate; in lieu of being dialectical, some are even oratorical enough to say that it begins with the most immediate of all, although precisely the comparative reflection here involved might prove dangerous to the b·ginning».

20) Ons probeer hd. vraag tans beantwoord alegs deur die Begin as sulks te oorweeg; hier die individuele denker tot die Begin gekom het laat ons voorlopig buite rekening.

21) Vgl. Hoofstuk 1. p (7)

Hd. moeilikheid,dat abstraksie vanuit die eksisterende nie die dialektiek van die eksisterende sonder 'n sprong μεταβασις 'εις αλλο γενος kan ontsnap nie, word ook belig deur die omgekeerde daarvan: Dat eksistensie nie deur die rede bewys kan word, sonder dat eksistensie reeds voorverondersteel is, en die bewys dus geen bewys is nie.

«Whether we call existence an accidentium or the eternal prius, it is never subject to demonstration » (S.Kierkegaard: Fragmente, p. 31-32) In 'n voetnoot op p. 32 van dieselfde werk, toon Kierkegaard hoe hd. probleem nie deur Spinoza opgelos kan word nie. «The more perfect a thing is" aldus Spinoza «by virtue of its nature, the more being it has, and the more necessary is the being it contains; and conversely, the more /.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

more necessary the being included in a thing by virtue of its nature, the more perfect it is". Spinoza definieer perfeksie egter deur esse. „God per perfectionem intelligo tantum realitatem sive esse". Die laaste sin van bg. aanhaling is duo toutologies - hoe meer syn ingesluit in 'n voorwerp kragtens die wese daarvan, hoe meer syn is daar.

Spinoza onderskei nie tussen die feitlik synde (factual being) en die ideël synde (ideal being) nie, sodat beide feitelik syn (bestaan) en ideël syn determinasies van denke is, op die wyse het Spinoza reeds die sprong van die eksistensiële na die essensiële voltooi. So ook Kant in die uiteensetting van die Kategorie: „Necessity is just existence given by mere possibility itself" (Watson: op cit. p. 53) Eksistensie is egter 'n Kategorie en dus nie eksistensieel nie maar essensieël vir Kant, sodat die probleem bly hoe die essensiële tot die feitelik eksisterende kan kom: „A fly when it exists, has as much being as God; the stupid remark I here set down has as much factual existence as Spinoza's profunity, for factual existence is subject to the dialectic of Hamlet; to be or not to be. Factual existence is wholly indifferent to any and all variations in essence ....." (S.Kierkegaard: Fragments, p. 32-33 n.2)

Karl Heim: op cit het in sy ontleding van die a-priori houdings wat die voorveronderstelling is van die ervaring, aangetoon waarom dit onmoontlik is om vanuit die logika sonder 'n 'sprong' tot die feitelik eksisterende te kom. Die feit van /...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van ekseistensie is 'n onmiddellike gegewe wat die objektiewe redelikheid - eintuiglik ervaring transkendeer en ook die prosupposisies daarvan is. «It (the object) is there, before I see it. It's existence does not simply consist in my being aware of it. It is itself something other than my picture of it. This other, which constitues all that the object is over and above what I can see, escapes my knowledge, as the fruit which Tantalus reached after for ever eluding his grasp. (Ibid. 47) Tussen die twee vorme van kennis, wat Hein die 'Jy-houding' en die 'Dit-houding' noem, is daar 'n dimensionele grens, 'n 'sprong'.

As daar dus met die proses van Abstraksie begin is vanuit die ekseisterende, kan ekseistensie uit die finale abstraksie geïsoleer word slegs indien die 'vete' waarop kennis van die feit van ekseistensie ('onderskeid' van die konvoorwerp) geïgnoreer word, m.a.w. as 'n sprong vanuit die ekseisterende gemaak word. As begin is met die ignorering van hierdie vete, is dit onmoontlik om hierdie vete dialekties terug te bring in die waarneming.(Vgl. die Ding-an-Sich van Kant wat op redelike gronde 'n non-entiteit is, omdat dit 'n onmiddellike gegewe is, op 'n ander a-priori berus as die a-priori's wat Kant ondersoek het).

Hieruit blyk dit dat die Onmiddellike Begin van die Sisteem nie dieselfde onmiddellikheid is waarmee ekseistensie begin het nie «although in another sense it may be said that existence did not begin with the immediate, since the immediate never is as such , but is transcended as soon as it is».

(S. Kierkegaard: Unscientific Postcript, p. 102).

22) Vgl. S. Kierkegaard Ibid. p. 103-4: "When a beginning with the immediate is arrived at by means of a preliminary reflection, the term 'immediate' must evidently mean something else than it usually does. Hegelian logicians have quite rightly perceived this, and they therefore define this 'immediate' with which logic begins, as the most abstract content remaining after an exhaustive reflection. To this definition there can be no objections, but it is certainly objectionable not to respect the implications of what is thus asserted; for this definition says indirectly that there is no absolute beginning. 'How so', I think I hear someone say, 'when we have abstracted from everything, is there then not, etc. etc ? Aye, to be sure - when we have abstracted from everything. Why can we not remember to be human beings? This act of abstraction, like the preceding act of reflection is infinite. How then does it come to an end - and it is only when .. that... Let us try an experiment in thought. Suppose the infinite act of abstraction to be in vain. However, the beginning is notidentical with the act of abstraction, but comes afterwards. With what do I begin, now that I have abstracted from everything? Ah here an Hegelian will perhaps fall on my breast, overcome by deep emotion, blissfully stammering the answer; with nothing. Very well, but now I must offer my second question: How do I begin with nothing? Unless in fact the infinite act of abstraction is one of those/.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

those tricks of legerdemain which may readily be performed two at a time; if on the contrary, it is the most strenuous acts of thought, what then? Why then of course, all my strength is required to hold it fast. If I let slip any part of my strength I no longer abstract from everything. And if under such circumstances I make a beginning, I do not begin with nothing, precisely because I did not abstract from everything when I began: That is to say, if it is at all possible for a human being to abstract from everything in his thinking it is at any rate impossible for him to do more, since if this act does not transcend human power, it absolutely exhausts it. To grow weary of the act of abstracting, and thus to arrive at a beginning, is an explanation of the sort valid only for scatterbrains, who do not take a little discrepancy so seriously". Vgl. ook p. 104-105-106.

Vgl. ook Jaspers oor Nietzsche en Kierkegaard op cit.p.11 „Die Reflexion ist nicht in sich zu erschöpfen, nicht durch sich selbst aufzuhalten. Sie ist treulos, denn sie verhindert jede Entscheidung, sie ist nie fertig und kann am Ende " dialektisches Geschwätz" werden: so heisst sie ihm auch das Gift der Reflexion" (d.w.s. vir Kierkegaard) en p. 7-8 „Was nun aber Wissen sei, wird von beiden auf dieselbe Weise ausgesprochen. Es ist ihnen nichts als Auslegung. Sie verstehen auch ihr eigenes Denken als Auslegen. Die Auslegung aber findet kein Ende. Das Dasein ist für Nietzsche unendlicher auslegung fähig. Was geschehen und getan ist, ist für Kierkegaard immer noch einen neuen Verstehen zugänglich; vic/..

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wie es ausgelegt wird, wird es eine neue Wirklichkeit die noch verborgen war, das Leben in der Zeitlichkeit kann daher den Menschen niemals recht verständlich werden, kein Mensch kann absolut sein Bewusstsein durchdringen."

23) Wat toen onderscheid word is die Wil tot Vryheid self- nl. die verband tussen die Wil tot twyfel en die Wil tot kennis. Die skeiteen begeregtig die oorgang tussen twyfel en kennis deur 'n redenering vanuit die begin)Vgl. n.16, Hoofstuk 11). Die vraag wat hier gestel is lui egter "Wat is die verband tussen die wil tot twyfel en die wil tot kennis, wat die Begin of moontlik of onmoontlik maak?"

24) S.Kierkegaard: Fragments. p.67 (et seq).

25) Vgl. S.Kierkegaard: Unscientific Postscript p. 299 voetnoot.

26) Vgl. K. Hein: op cit. p. 84,85, 86

27) Hierdie probleem is die taak wat Kierkegaard hom stel in sy werk "Philosophical Fragments". Veral in die Interludo p. 59-73 word die probleem dialektiese baie duidelik formuleer. Met sy woorde in die Inleiding tot Unscientific Postscript oor "Fragments" sien ons saam nl. "With no desire to offend it is nevertheless my opinion that not every divinity student would have been able to formulate the problem with a dialectical precision equaling that given in Fragments", en met verskoning aan hom erken ons dat die volgende paar §e sy volgende sin bewaarheid nl. "It is also my opinion that not every divinity student, after having read the

piece/.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

piece, would be able to lay it aside and proceed to formulate the problem with a dialectical clarity equal to that achieved in Fragmente." (p.14)

28) Kierkegaard: Fragmente p. 62. Kierkegaard (loc. cit) dui dan aan dat die natuur ook histories is. "But the historical is the past (for the present pressing upon the confines of the future has not yet become historical). How then can it be said that nature, though immediately present, is historical, except in the sense of the said ingenious explanation? (natuurlik Hegelianisme). The difficulty comes from the fact that nature is too abstract to have a dialectic with respect to time in the stricter sense. This is nature's imperfection, that it has no history in any other sense, but it is a perfection in nature that it nevertheless has this suggestion of a history, namely that it has come into being. (This constitutes its past, the fact that it exists is it's present)

However, becoming may present a reduplication, i.e. the possibility of a second becoming within the first becoming. Here we have the historical in the stricter sense, subject to a dialectic with respect to time. The becoming which in this sphere is identical with the becoming of nature is a possibility, a possibility which for nature is it's whole reality ....." Oorsaak en gevolg kan net in wat Kierkegaard noem "the historical in the stricter sense" gedink word.

29) Ibid. p. 60. "How does that which comes into being change?

Or, what is the nature of the change involved in becoming (κινησις). All other change(αλλοιωσις) presupposes the existence of that which changes, even when the change consists in ceasing to be"..... Haar wording veronderstel, "a transition from not being to being", sodat ook die tyd (objektieve tydsduur) in Wording berus. Vgl. ook K. Hein: op cit p. 17 p.111-125

30) Fragmente, p. 60.

31) Vgl. die aanhaling uit Schiller in Hein: op cit. p. 168 "Doch dem war kaum das Wort entfahren, Möcht'ers' in Buchen gern bewahren".

32) Hegel het in sy logika probeer bewys dat die Noodsaaklike dialektiese is, en kragtens die impuls van die negatieve, word. Kontradiksie, so lui dit, is die grond vir die beweging of wording van die Rede, omdat die Rede nie in kontradiksie kan rus nie. Hierdie "wording" is egter geensins dieselfde wording as die transisie van moontlike na aktuele nie. Die Noodsaaklike is nie moontlik nie, die Noodsaaklike is ..... noodsaaklik. Vgl. Kierkegaard: Unscientific Postscript, p. 99,100. In the construction of a logical system, it is necessary first and foremost to take care not to include in it anything which is subject to an existentiAl dialectic, anything which is only because it exists or has existed, and not simply because it is. From this it follows quite simply that Hegel's unparalleled discovery, the subject of so unparalleled an admiration, namely the introduction of movement into logic, is a sheer confusion of logical science, /.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

science, to say nothing of the absence, on every other page, of even so much as an effort on Hegel's part to persuade the reader that it is there. And it is surely strange to make movement fundamental in a sphere where movement is unthinkable, and to make movement explain logic, when as a matter of fact logic cannot explain movement."

Kierkegaard: Concept of Dread, p. 11,12. "In logic they use the negative as the motive power which brings movements into everything. And movement in logic they must have, any way they can get it, by fair means or foul. The negative helps them, and if the negative cannot, then quibbles and phrases can, just as the negative itself has become a play on words. In logic no movement can come about, for logic is, and everything logically simply is, ... So when logic is absorbed in the concretion of the categories it is constantly the same that it was from the beginning. In logic every movement (if for an instant one would use this expression) is an immanent movement, which in a deeper sense is no movement, as one will easily convince oneself if one reflects that the very concept of movement is a transcendence which can find no place in logic. The negative then is the immanence of movement, it is the vanishing factor, the thing that is annulled (aufgehoben). If everything comes to pass in that way, then nothing comes to pass, and the negative becomes a fashion. But precisely for the sake of getting something to come to pass in logic, the negative becomes something more, it becomes the producer of the position, and not a negative but a counter- /...

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

counterposition. The negative then is not the muteness of the immanent movement, is is the 'necessary other', which doubtless must be very necessary to logic in order to get things going, but the negative it is not."

33) Watson: op cit. p. 51.

34) Vgl. Kierkegaard: Fragments. p. 61.

35) Vgl. K. Heim: op cit p. 111-117. Heim dui die 'dimensionele grens' tussen 'Wording' (Moontlikheid) en 'Geworde' (aktualiteit) aan; Heim onderskei 'n 'dimensionele grens' van 'n 'inhoudsgrens' as 'n grens wat nie 'n identiteit tussen 2 ordes voorveronderstel nie, maar wat op 'n paradoksale (transologiese) 'ontmoetingspunt' tussen 2 ordes berus. Insiggewend is Heim se definisie van 'orde' of 'dimensie' ook in dié verband. 'n Orde of hy is 'n 'wet van saambestaan'. Aangesien die moontlike en die aktuele egter tot twee verskillende ordes of dimensies behoort, verskil hul kwalitatief.

Vgl. ook S. Kierkegaard: Unscientific Postscrip.p.112. „The systematic idea is the identity of subject and object, the unity of thought and being. Existence, on the other hand, is their separation. It does not..follow that existence is thoughtless; but it has brought about, and brings about a separation between subject and object, thought and being."

35) Vgl. S. Kierkegaard: Philosophical Fragments: p.66 „The historical cannot be given immediately to the senses, since the elusiveness of becoming is involved in it. The immediate impre-/.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

impression of a natural phenomenon or of an event is not the impression of the historical, for the becoming involved cannot be sensed immediately, but only the presence of some content".

36) Vgl. S. ZKierkegaard: Ibid p. 69. "He cannot know" (d.w.s 'n 'contemporary man'), as a matter of immediate cognition, that his fact has come into being, but neither can he know it as a matter of necessity, for the very first expression for becoming is a breach of continuity". Vgl. ook. p. 65,66

37) Kierkegaard. ibid 65.

38) Kierkegaard: Unscientific Postscript p. 279. Vgl. ook loc. cit. "Abstract thought considers both possibility and reality, but it's concept of reality is a false reflection, since the medium within which the concept is thought is not reality but possibility. Abstract thought can get hold of reality only by nullifying it, and this nullification of reality consists in transforming it into possibility. All that is said about reality in the language of abstraction and within the sphere of abstract thought is really said within the sphere of the possible. The entire realm of abstract thought, speaking in the language of reality, sustains the relation of possibility to the realm of reality, but this latter reality is not one which is included within abstract thought and the realm of the possible".

Vgl. ook Bowen "The theory of Thought and Knowledge" aangehaal deur Hopper. op cit p. 85. "Reason as a system of principles is only a formal outline of possibility, and contains nothing of the actual" en p. 86.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Interessant is dit om te sien dat dié gedagte nie 'n halve eeu na die magtige sisteem van Hegel oralo uitdrukking vind in die filosofiese stelsels van die Weste nie. Harald Höffding skryf in sy werk „Sören Kierkegaard" (1896) aangehaal deur Beerling, op cit. p. 154-155: „Überhaupt ist es für die Entwicklung des geistigen, besonders des religiösen Lebens in unserem Jahrhundert bezeichnend dasz sich die Gegensätze, je länger je mehr verschärfen. Das Jahrhundert beginnt mit Harmonie und Versöhnung; mit steigendem Nachdruck aber vollzieht sich die Spannung und Scheidung" en Beerling self sê (loc cit) „Die negentiende eeuw liet ons chaos na: een aan de wetenschap ge-oriënteerde, overwegend logisch-kennistheoretische bewustzijns philosophie van verbiedwekkende metodische en synthetische kracht, maar uitgesproken anti-metaphysisch onder invloed van een empiristisch geïnterpreteerden Kant en allengs meer afzijdig geraakend van de onstuimig opdringende werkelijkheidsproblemen eenerzijds; minder academisch gebonden, positivistisch-pragmatisch-fictionalistische het leven, de emotioneele werkelijkheid en andere logisch moeilijk bepaalbare grootheden tegenover het denken ten troon verheffende stroomingen anderzijds - en als met alarmeerdende kracht doorzettende algemeene geestelijke geteldheid de doorslaande relativeering aller waarden, typisch vermoeidheidssymptoom van een geest. Van het overgeleverde heeft zich tegen de scherpe wapens van het negentiende eeuwsche verstand niets staande gehouden, niets dat ontkwam aan den nivelleerende geesel van het scheptisisme". Vgl. p.169, 179, 184.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

39) Vgl. Kierkegaard: Unscientific Postscript. p.100. «Nothing then must be incorporated in a logical system that has any relation to existence, that is not indifferent to existence. The infinite pre-ponderance which the logical as the objective has over all thinking, is again limited by the fact that seen subjectively it is an hypothesis, precisely because it is indifferent to existence in the sense of actuality. This double aspect of the logical distinguishes it from the mathematical, which has no relationship at all either to or from existence, but simply has objectivity - not objectivity and the hypothetical together - as the synthesis and the contradiction in which the logical is negatively related to existence." en ibid p. 103 .... «If a resolution of the will is required to end the preliminary process of reflection, the presuppositionless character of the system is renounced. Only when reflection comes to a halt can a beginning be made, and reflection can be halted only by something else, and this something else is something quite different from the logical, being a resolution of the will. Only when the beginning, which puts an end to the process of reflection, is a radical breach of such a nature that the absolute beginning breaks through the continued infinite reflection, the only is the beginning without presuppositions. But then the breach is effected by breaking off the process of reflection arbitrarily, so as to make a beginning possible, then the beginning so made cannot be absolute; for it has come into being through a μεταβασις εις ἀλλο γενος.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

40) Baie van die Griekse verhale oor hul denkers en skrywers is op dié botsing tussen aspirasie en uitvoerbaarheid gebaseer: Hul sou met smaak vertel het hoe 'n Aestheetikus 'n groot poesie net bo sy lip gehad het, dat Descartes op 54 jarige leeftyd oorlede is - net voor hy 'n mediese werk voltooi het watdie meno honderd jaar oud sou laat word, (Hopper op cit p. 77), hoe die miotikus sy groot toon uit lid geskop het toe hy na die sterre loop en kyk het. Dit is om dieselfde rede dat Kierkegaard vir Hegel 'n komiese-filosoof genoem het Vgl. Unscientific Postscript p. 106. „Let us smile if we will at the ethico-religious extravaganzas of the Middle Ages in asscdicism and the like, but let us above all not forget, that the speculative low-comedy extravagance of assuming to be I-am-I, and nevertheless qua human being often so Philistine a character that no man of enthusiasm could endure to live such a life- is equally ridiculous."

41) Hierdeur het ons gekom tot wat Hopper, Beerling ea. beskryf as die krisispunt in die huidige denke. Hierdie krisis is slegs 'n bewuswording van die "Silent Sorites" wat in alle verklaringsfilosofie teenwoordig is, juis omdat alle verklaring op die Wil tot Vryheid rus. Vgl. Hartman, op cit p. 9. „Dies kennzeichnet die Einzigartigkeit der gegenwärtigen Lage, darin auch die innerste Problematik des menschlichen Daseins, die sich in der Vergangenheit nur verborgen zeigte, dennoch aber das Grundthema der Geschichte ist, offen ausspricht." Beerling (op cit. p. 165) karakteriseer hierdie 'Problematik' duidelik: «Tegenover de voor/

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voor het moderne besef ontoereikend gebleken zekerheden van het rationalistische denken is tot dusver geen enkele waarlijk unoverseele, diepere synthese bereikt ..... dit twintigste eeuwsche denken self is nog niet tot bezinning, tot selfaanschouwing en selfkennis gekomen en niet bij machte zich te ordenen. De gevaarlijkste bedreiging voor het modernde denken is gelegen in zijn selfontkenning, in zijn onmacht, de voortdurende verschuiving en ondergraving van zijn eigen fundamenten tegen te gaan." Vgl. ook die inleiding tot die werk van Hopper: op cit p. 15-24. Vgl. ook ibid p. 47 „It is only when these assumptions (waardeur ons onbewustelik dinge interpreteer sonder om dit self aan interpretasie te onderwerp) are reduced to the absurd, or when their implications are brought ironically or tragically, to the point of their essential incompatibility, the point of crisis, that we are made aware of the concealed premises - quite as though the glasses that we wear should crack or break, and focus our attention on the glasses instead of on the world which formerly we saw through them."

42) Hierdie twyfel aan die outonomiteit van die self het histories veral in die afgelope honderd jaar openbaar geword. Skrywers soos Jaspers, Hopper, Beerling, Berkouwer, Buber Berdyaeu ens. het hierdie oorgang van selfvertroue na selfwantroue duidelik in hul werke aangetoon. Veral die werk van Beerling op cit p. 128-194 behandel die teenstelling en oorgang tussen die 19de en die 20e eeu baie duidelik. Hy toon aan hoe die denke eers in opstand teen die hipostatisering van die ratio gekom het/

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het (die irrasionalisme, die historisme relativisme, die probleemdenke van Hartmann, die positivisme, ens. - 'n skaar van stroominge). en daarna oorgegaan het tot sentroue van denke oberhaupt. Vgl. byv. sy aanhaling v. Max Scheler "Mensch und Geschichte" (in Phil. Weltanschauung 1929. p. 15) ibid. p.187 "Wir sind in der ungefähr zehntausendjährigen Geschichte das erste Zeitalter, in dem sich der Mensch völlig und restlos 'problematisch' geworden ist, indem er nicht mehr weiss, was er ist, zugleich aber auch weisst, dass er es nicht weiss. Und nur indem man einmal mit allen Traditionen über diese Frage völlig tabula rasa zu machen gewillt ist und in äusserster methodischer Entfremdung und Verwunderung das Mensch genannte Wesen blicken lernt, wird man wieder zu haltbaren Einsichten gelangen können."

43) Vgl. (p.42) Hoofstuk 2 bo.

44) Vgl. (p. 42) Hoofstuk 2 bo.

45) Vgl. (p.47-49) Hoofstuk 2 bo.

46) Vgl. n.32 (p.47) Hoofstuk 2 bo.

47) Vgl. Hartmann op cit. p. 30,31. „Zweifel ist an sich eine Macht. Er zweifelt nicht aus Gründen , sondern er sucht Gründe für seinen Zweifel und für eine jeweils bereits lebendig entschiedene Sache. Er ist eine vernichtende Krankheit, in der das Nichts selbst mächtig .... nun ist die letzte Konsequenz der Freiverdung als eine Krankheit zum Tode offenbar. Alle/46....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alle Stützen, alles Hingenommene an Wirklichkeiten und Werten, auf denen der Mensch bisher auszuruhen vermochte, haben sich aufgelöst .... Alles sein schwingt nun über dem Abgrund des Nichts ..... In der sinnleeren Leere, in welcher das freie Bewusstsein des Menschen endlich steht, ist es zum Nichts als zum Abgrund der Welt durchgedrungen, hat es den Ungrund entdeckt, über dem es immer schon unbewusst schwebte."

48) Vgl. Hooper op cit. p. 15 "Civilisation has come alarmingly near to a failure of nerve" en sy aanhaling uit Stephen Crane:

I saw a man pursuing the horizon,
Round and round they sped.
I was disturbed at this;
I accosted the man.
"It is futile", I said,
"You can never -"
"You lie", he cried,
And ran on.

Vgl. ook Snapper: op cit. p. 5. "Denn in der Wirklichkeit des abendländischen Menschen ist in aller Stille etwas Ungeheures geschehen: ein Zerfall aller Autoritäten, die radikale Enttäuschung eines überspannten Vertrauens zur Vernunft, eine Auflösung der Bindungen, die alles, schlechthin alles möglich zu machen scheint.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Das Spirieren mit den alten Worten kann wie ein blasser Schleier erscheinen, der die zum Ausbruch bereiten Kräfte des Chaos unserem ängstlichen Auge verdeckt, ohne andere Macht als die einer noch eine Zeit lang fortzusetzende Täuschung. Das leidenschaftliche Beschwören dieser Worte und Lehren, wahrhaftig und gut gemeint, scheint ohne eigentliche Wirkung, ein ohnmächtiger Ruf zu bleiben. Philosophieren, das Echt ist, müsste der neuen Wirklichkeit gewachsen sein und selbst in ihr stehen."

89) Zur definitive v. Nihilismo vgl. "Aufbau" (Heft. 1 4 Jahrgang 1948) p. 42. „Ernst Jünger und der deutsche Nihilismus" v. K Hermann. „In seinem fünften Kapitel (Turgenjew „Väter und Söhne) steht die erste und noch immer die beste Definition des Begriffs (Nihilismus) Es ist von Bazarow die Rede:

„Er ist ein Nihilist," wiederholte Arkadi.

„Nihilist" sprach Nikolaus Petrowitsch. „Das Wort kommt von dem lateinischen nihil, nichts, soweit ich es beurteilen kann, und bezeichnet also einen Menschen, der ..... nichts anerkennt?

„Oder vielmehr: der nichts achtet," versetzte Paul Petrowitsch.

„Oder vielmehr: der alles von Standpunkt der Kritik aus beurteilt" bemerkte Arkadi.

„Kommt das etwa nicht auf eins hinaus?" fragte Paul Petrowitsch.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

„Nein, durchaus nicht. Ein nihiliet ist ein Mann, der sich vor keiner Autorität beugt, der kein einziges Prinzip auf Treu und Glauben annimmt, gleichviel in wie hohem Ansehen dieses Prinzip in der Meinung der Menschen steht."

Vgl. ook Beerling, op cit. p. 167.

Vgl. Jaspers: Philosophie: Teil I.p.94.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

H O O F S T U K 1 1 1.

FRAGMENTE OOR DIE EKSISTENSIELE GRONDSLAE VAN DIE VERKLARINGSDRANG.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> This is the wonderful thing about life, that every man who gives heed to himself knows what no science knows, since he knows what he himself is, and this is the profundity of the Greek saying, know thyself, which so long has been understood in the German way as pure self-consciousness, the airiness of idealism - S. Kierkegaard.

Ons het aangetoon dat die verklaringsdrag die Wil tot Vryheid is, die Wil waarin 'n subjek wil om homself van alle onmiddellike relasies tot God mens en wêreld te onttrek, om dan die wêreldgeheel, godgelyk, te herbegrond uit - en deursigself. Die vorm wat dié herbegronde wêreld-geheel aanneem hang af van die vorm wat die "Ek" van die subjek aanneem in die selfkennis van die subjek. Die finale vorm wat dié wêreldgeheel kan aanneem, moet dus die vorm van die "Ek" wees wat in die volmaakte selfkennis van die subjek aanwesig is, d.w.s. die vorm van die "Ek" in die kennis van die subjek wat vir homself volkome deursigtig is. Hieruit volg dat die Wil tot Vryheid, as die Wil van die subjek om uit eie insigselfgegrepenheid die wêreldgeheel te herbegrond, terselfdertyd die Wil van die subjek is om in sy selfkennis tot homself tot homself te kom, d.w.s. insigselfgegrepe te word. [1]

Op die oomblik wanneer die subjek wil tot homself te kom in selfkennis, maar ook wil om tot sigself te kom 'vanuit' die verskillende relasies waarin die self verkeer, is die subjek dus t.o.v. homself in 'n toestand van onkunde. Tog moes die self reeds in 'n sekere sin tot homself gekom het, d.w.s. selfkennis besit, om te kan wil om tot homself te kom. Immers, indien hierdie toestand van onkunde die oorspronklike toestand van onkunde/..

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onkunde van waarin die subjek verkeer het, is die subjek nie in staat om te wil om homself te wees nie, omdat die self van die subjek in hierdie toestand slegs teenwoordig kan wees as die nog glad-nie geworde. Maar van 'n nog-glad-nie-geworde kan die subjek nie bewus wees nie.[2] Ook kan die self van die subjek in hierdie toestand nie aanwesig wees vir die subjek as moontlikheid in teenstelling met aktualiteit nie, omdat die onkunde van die subjek t.o.v. self-kennis dan nie meer onkunde sou wees nie.[3] Die toestand van onkunde waaruit die subjek duo in die Wil tot Vryheid wil om tot sigself te kom, is nie die oorspronklike toestand van onkunde van die subjek nie.

Ons stel onsself dan as taak in hierdie hoofstuk die probleem hoe die subjek self-bewus is in die toestand waaruit dit wil om sigself te wees, d.w.s. die probleem van die wyse waar op die self van die subjek aan die subjek teenwoordig is in die toestand waaruit die subjek wil om sigself te wees.[4]

Die primêre toestand van die subjek is die toestand van onwetenheid, en die self van die subjek is aan die subjek teenwoordig in dié toestand as die nog-glad-nie-geworde. Die subjek is nog nie self-bewus in hierdie toestand nie, omdat die self van die subjek sigself nog nie in relasie tot sigself gestel het nie. Daarom is die subjek in hierdie toestand nie pneumaties gedetermineerd nie, maar wel as 'n siel wat onmiddellik een is met sy natuurlike toestand.[5]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Indien die subjek egter nie pneumaties gedetermineer kan word nie, kan die subjek in hierdie toestand nog nie eties gedetermineer word nie, en is die subjek dus in die toestand van onskuld.[6]

In hierdie toestand van onskuld waarin die subjek onmiddellik een is met sy natuurlike toestand, verkeer die subjek in rus en vrede. Hierdie rus en vrede is egter nie volmaak nie, omdat die subjek nie volmaak is, d.w.s. volkome tot sigself gekom het nie. Uit die feit dat die rus en vrede waarin die subjek in hierdie toestand verkeer onvolmaak is moet egter nie gekonkludeer word dat daar 'n element van stryd in hierdie rus en vrede is nie. Immers, die subjek verkeer in 'n toestand van onwetenheid en weet dus nie dat hy in hierdie toestand onvolmaak is nie, d.w.s. die subjek is onwetend t.o.v. sy self. Tog moet die subjek op 'een of ander' wyse reeds pneuma wees, omdat die subjek 'n mens is en nie 'n dier nie. Op watter wyse is die pneuma dan aan die subjek teenwoordig in hierdie toestand van onskuld?[7]

Indien die subjek werklik in 'n toestand van onwetenheid verkeer, kan die pneuma nie bewustelik aan die subjek teenwoordig wees nie. Die pneuma is dus aan dieselfde teenwoordig as 'n 'niks'. 'n 'Niks' wat tog teenwoordig is aan die subjek verwek egter angs.[8] Die self is dus aan die subjek teenwoordig in die toestand van onwetenheid nie as bedagte kennis (moontlikheid) nie, maar as angs, (die moontlikheid voor die moontlikheid). 'The whole reality of knowledge is projected in dread as the immense nothing'.

nothing of ignorance".[9]

Onskuld is dan die primêre toestand van die subjek waarin die self as die nog-glad-nie-gevorde aan die subjek teenwoordig is as die Ding van ange. Die sekondêre toestand waaruit die subjek wil om sy self te wees, kan nie 'n toestand wees wat immanent vanuit die toestand van onskuld ontstaan het nie, omdat onskuld nie 'n negatiewe is wat vanself opgehef word in 'n positiewe nie, maar 'n aktualiteit, 'n posisie.[10] Onskuld, as 'n aktuele posisie, word opgehef slegs deur 'n ander aktuele posisie, skuld.

Hoe onskuld vernietig word deur skuld is nie te verklaar nie. Die ange van die onskuldige subjek is nie die oorgangsfaktor tussen skuld en onskuld nie, omdat dié ange ange in onskuld is.[11] Ook is die 'daad' waardeur die onskuld van die subjek verlore gaan nie 'n liberum arbitrium nie, omdat so 'n daad die pneuma voorvoronderstel en dus die ange van onskuld nie kan. Die 'daad' waardeur onskuld vir die subjek verlore gegaan het bly vir alle verklaring 'n actus incognitus. Immers, alle pogings om die opheffing van onskuld te verklaar, kan dit alleen doen op grond van die aanname dat onskuld immanent in skuld oorgegaan het, omdat al sulke pogings vanuit skuld tot onskuld probeer redeneer. Skuld en onskuld is egter twee aktualiteite en verskil daarom kwalitatief, en so 'n aanname is dan ook op 'n misverstand van die aard van onskuld gebaseer.[12]

Skuld is die toestand van 'n subjek wat vetendo is van die verskil tussen goed en kwaad en dus 'n toestand waarin 'n subjek /

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

subjek etiese gedetermineer kan word.[13] Dit wil egter sê dat die subjek kennis dra dat hy 'n self het. Die angs van onkunde was daarenteen gedefinieer as die teenwoordigheid vandie self aan die subjek in die vorm van 'nNiks'. Hierdie angs verdwyn derhalwe in die toestand van skuld.!! HP Dit skyn dan asof die Wil tot Vryheid sy oorsprong het in die toestand van skuld, en as taak het die gegewe moontlikheid van 'n self te wees te aktualiseer. Dit moet egter gevra word, hoe is hierdie moontlikheid, nl. om 'n self te wees, vir die subjek 'n gegewe.[14] Immers, die subjek is in skuld, en het dus klaarblyklik nie sigself gewerd in die oorgang van die aktualiteit van onskuld na die aktualiteit van skuld nie; trouens, die subjek wil juis om sigself te wees. Tog is die pneuma voorveronderstel in die toestand van skuld, omdat die kennis van goed en kwaad in concreto in hierdie toestand poneer is. Tervyl die pneuma dan voorveronderstel is in die toestand van skuld, maar in die toestand van skuld nog nie tot sigself gekom het nie, volg dit dat die pneuma, wat vryheid is, in hierdie toestand in 'n onvrye relasie tot sigself staan. Maar juis omdat die pneuma in die toestand van skuld in 'n onvrye relasie tot sigself staan, is die pneuma nie soos in die toestand vanonskuld insigself onvry nie,maar deur skuld.[15] In die toestand van skuld is die pneuma dus as onvry geponeer. Wat is nou die verhouding van die Wil tot Vryheid tot die onvrye pneuma?; van die subjek wat Wil om sigself te wees tot die onvrye pneuma?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die verhouding van die subjek tot sy pneuma in die toestand van skuld, maak angs weer sy verskyning, juis omdat die pneuma onvry is in hierdie toestand, en die aktualiteit van skuld dus eties onberegtig is.[16] Die subjek Wil in die toestand van skuld of om homself te wees as pneuma, en verkeer dus in angs vir die kwade; of die subjek qua skuldig wil homself eties regverdig in die toestand van skuld, en verkeer dus in angs vir die goeie.[17]

Indien die subjek homself eties wil regverdig in die toestand van skuld, weier die subejk om sy eie skuldigheid te aanvaar. In sy weiering om skuldigheid te aanvaar vir sy toestand ontken die subjek egter sy eie verantwoordelikheid vir sy toestand maar terselfdertyd ook sy pneuma wat verantwoordelikheid of vryheid is. Die subjek wat dus in angs vir die goeie verkeer, wil dus om sigself af te sluit van enige kontak met die self as pneuma, d.w.s. van enige relasie tot God, mens en wêreld wat die subjek tot 'n etiese beslissing kan bring. Onvryheid sluit sigself dus af van Vryheid, van alle dialoog, en wil slegs met sigself in eie afgeslotenheid in monoloog verkeer, die subjek wil uit eie insigselfgegrepenheid sy eie onvrye toestand regverdig. Die 'self'-kennis van so 'n subjek is egter betekenisloos omdat dit 'self'-loos is; d.w.s. die kennis van die subjek wat sigself vanuit sigself wil regverdig in die toestand van skuld het geen sekerheid nie, omdat dié kennis op 'n ongeregverdige toestand gebaseer is, op angs gebou is.[18] Dié subjek buig voor geen ander outoriteit as sigself nie, maar ken dus geen outoriteit nie omdat/.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omdat dit selfloos is.

Die wil van die onvrye subjek om in en deur homself begrond te wees, en om hom o.d.r. te ontrek van alle onmiddellike vertrouensrelasies tot die eie pneuma (en daarom ook van God en mens en wêreld) om sodoende uit eie insigself-afgeslotenheid, sigself God en mens te herbegrond, is egter 'n omskrywing van die verklaringsdrang of die „Wil tot Vryheid".[19] Die Wil tot Vryheid moet dus verder omskrywe word as die wil van 'n onvrye subjek, wat in skuld is, om sigself in eie onvryheid te regverdig, en wat derhalwe in angs verkeer vir die self as pneuma, wat Vryheid is, omdat die pneuma die regverdigbaarheid van die toestand van skuld in die weg staan.[20] Die Wil tot Vryheid is dus die wil van onvryheid om sigself as vryheid te poneer. „The most efficacious means of liberation from the assaults of the spirit is to become spiritless, the sooner the better. If only one takes care of that betimes, everything goes of itself, and as for the assaults of the spirit one can explain simply that they do not exist or regard them at the most as a piquant poetical fiction".[21]

Hierdeur is die Wil tot Vryheid omskrywe in terme van die toestand waaruit die subjek wil om vry te wees, d.w.s. in psigologiese terme. Skuld en onskuld is egter etiese kategorië, soos ook die Wil tot Vryheid is, juis omdat dit 'n wils-besluit van 'n subjek is, en moet dus in die lig van die pneuma,(vryheid of verantwoordelikheid) be-oordeel word.[22] Voor so 'n beoordeling kan geskied moet egter 'n nadere definisie van die pneuma gegeeword.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat is die self? Eties gesien is die self pneuma, Vryheid, verantwoordelikheid. Die pneuma is nie 'n 'objek' of 'substans' nie, maar 'n verhouding tussen die twee faktore, siel en liggaam. Die pneuma is egter nie hierdie verhouding as die negatiewe eenheid tussen twee faktore nie,[24] maar 'n <u>positiewe</u> eenheid tussen die twee faktore, d.w.s. die pneuma stel siel en liggaam in verhouding tot mekaar, deur sigself positief tot sigself in verhouding te stel. Die pneuma is dus nie die verhouding tussen siel en liggaam as sulks nie, maar die feit dat hierdie verhouding sigself in relasie tot sigself stel. So gesien <u>is</u> die pneuma nog nie, en is die subjek in skuld nog nie 'n self nie, maar het die taak 'n self te word, d.w.s. het as taak sigself tot sigself in verhouding te stel.[25]

Die verhouding, wat as taak het sigself tot sigself in verhouding te stel, het <u>of</u> sigself begrond of is deur 'n ander begrond. Indien die verhouding sigself begrond het sou die subjek nie skuldig kon wees nie; d.w.s. die subjek sou slegs kon wil om vansigself ontslae te raak, en nie kon wil om sigself te wees nie. Die feit egter dat die subjek skuldig is, (dat die pneuma m.a.w. qua potensiële Vryheid in die toestand van onskuld, as aktuele onvryheid in die toestand van skuld poneer is), en daarom kan wil om sigself te wees, dui aan dat die pneuma deur 'n Ander begrond, en dus 'n afgeleide verhouding, is. D.w.s. die pneuma is ook 'n verhouding tussen ewigheid en tyd, Vryheid en Noodsaaklikheid.[26]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Omdat die pneuma nie sigself begrond het nie, maar in die Ander begrond is, is die taak van die pneuma tweeledig nl: Om sigself tot sigself in relasie te stel deur sigself positief in relasie tot die Ander te stel, wat die hele relasie gekonstitueer het. Enige vanverhouding dus in die verhouding van die pneuma tot sigself, sal onmiddellik weerspieël word in die verhouding van die pneuma tot die Ander wat dit begrond het, en omgekeerd.[27]

Die subjek het dus as ideale moontlikheid sigself deursigtelik te ken en te wees, deur deursigtiglik in die Ponerende Grond gegrond te wees. Die subjek verkeer egter in skuld, en dus in 'n vanverhouding tot sigself. Die subjek kan derhalwe slegs inoorerre in die Ponerende Grond gegrond wees as wat dit tot bewussyn van sigself, as synde in hierdie vanverhouding, kom.[28] In skuldbesef kom die subjek dus tot selfbesef; of andersgestel, geraak die subjek tot 'n bewussyn van sy eie identiteit. Immers, dit is nie 'n ander subjek wat in skuld verkeer nie, maar dieselfde subjek in 'n ander verhouding tot sigself.[29]

Die subjek in skuld het dus die taak tot sigself te kom deur sigself positief in verhouding tot die Ponerende Grond te stel. Vanuit die toestand van skuld kan die subjek hierdie taak egter nie verwesenlik nie, omdat die subjek in skuld slegs inoorerr tot die Ponerende Grond in verhouding is, as wat hierdie verhouding uitdrukking vind in die vanverhouding tot sigself.[30]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die taak sigself te wees bring die subjek daarom in vertwyfeling, sodat hy of in sy vertwyfeling wil om homself te wees, of vertwyfelend wil om nie homself te wees nie:[30] Die subjek besef dat hy 'n ewige self, pneuma, het, en besef dat die taak is om hierdie self te word, deur positief in die Ponerende Grond gegrond te wees. Die subjek neem egter dienstoot aan sy onvermoë om sigself positief tot die Ponerende Grond in relasie te stel, en weier, in vertwyfeling, om sigself in díé ewakheid te wees. Die subjek neem m.a.w. aanstoot aan sy skuld en is in vertwyfeling oor sy skuld, maar bly in die skuld ... vertwyfelend in die skuld.[31] Veronderstel egter die subjek kom tot 'n dieper selfbewussyn deur bewus te word van die rede waarom dit nie sigself wil wees in ewakheid nie, dan wil die subjek in opstand sigself wees teenoor die eie onvermoë om die verhouding tussen sigself en die Ponerende Grond daar te stel.

Hierdie[32] vorm van vertwyfeling, die vertwyfeling van opstand, wil dus nie met die begin (skuld) begin, in 'n poging om die taak, sigself te wees, te verwesenlik nie, maar wil in die begin (onskuld) begin.[33] Maar om te wil om sigself te wees impliseer 'n bewussyn van wat dit beteken 'n self te wees. Vir die opstandige vertwyfeling is die ewige self egter slegs die mees abstrakte moontlikheid. Hierdie moontlikheid wil die subjek verwesenlik ín en deur homself, juis omdat hy nie met die begin wil begin nie, maar „In die begin". Die subjek onttrek hom daarom van die Ponerende Grond, van die wanverhouding van skuld en ontken selfs dat so 'n Grond bestaan. Die subjek wil m.a.w. selfbepalend

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

selfbepalend in die bepaling van sy self wees. Daarom neem die subjek 'n eksperimentele houding in teenoor sy self, maar daardeur word die verhouding van die subjek tot homself arbitrêr, indifferent. Immers, elke ideële konstruksie van die self wat die subjek aan homself voór hou is indifferent hipothetiese, omdat die subjek wat selfbepalend wil wees dit ter eniger tyd kan opsy skuif vir 'n ander ideële konstruksie van sigself.[34]

Hierdeur is egter 'n nuwe omskrywing van die Wil tot Vryheid bereik: Die subjek wil in opstandige vertwyfeling sigself wees, en in die bepaling van die self wat dit wil wees, selfbepalend wees.

Die Wil tot Vryheid is dus hier omskryf in terme van die innerlike dialektiek van die bestaan van 'n subjek, en wel op so 'n wyse dat die subjek immanent tot sigself en die ewige in verhouding staan; hoewel hierdie verhouding sig openbaar het in die vorm van 'n wanverhouding. Die ewige is vir so 'n subjek 'n innerlike moment in sy bestaan, alhoewel dit juis die bestaan van die subjek is wat hom verhinder het om die ewige self te word wat hy is.[35] Elke subjek het essensieel deur homself (in die rekollektie van skuld) tot die bewussyn van die ewige self gekom. Die uiterlike geleentheid wat die subjek tot skuldbesef gebring het, die tydsoomblik waarin hy bewus geword het van sy skuld, is dus essensieel toevallig; die subjek is essensieel in homself tot homself in verhouding, en dus tot die Ponerende Grond.[36]

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Veronderstel egter dat die oomblik in die tyd waarin die subjek bewus geword het van die ewige wel beslissende betekenis vir die ewigheidsbewussyn van die subjek gehad het. Wat sou die konsekwensies van so 'n veronderstelling wees vir die taak van die subjek om sigself te word deur sigself positief in relasie tot die Ponerende Grond te stel?

Indien die oomblik in die tyd waarin die subjek bewus geword het van die ewige, wel beslissende betekenis het vir die subjek, beteken dit dat die Ewige waarvan die subjek in daardie oomblik bewus geword het vir die subjek voorheen nie bestaan het nie.[37] Die subjek sou dan van hierdie Ewige nie eers negatief bewus gewees het in die toestand van skuld nie. „He must ..... be characterized as beyond the pale of the Truth, not approaching it as a proselyte, but as departing from it, or as being in Error".[38] Die oomblik kan dus nie dien as 'n geleentheid waardeur die subjek sigself herinner aan sy ewige self nie, omdat die subjek geheel en al in onkunde verkeer oor die Ewige, wat in dié oomblik eers vir hom tot bestaan kom. D.w.s. indien die subjek in dié oomblik bewus word van die Ewige, moet die Ewige in hierdie moment nie alleen die bewussyn van die Ewige vir die subjek gee nie, maar ook aan hom die kondisie gee om hierdie Ewige te verstaan. Maar dan het die Ewige die subjek herskep deur aan hom 'n nuwe kondisie te gee. So 'n Ewige kan slegs God wees. Hierdie Ewige spreek egter in 'n oomblik van die tyd (en die spreke van God is skeppend) sodat /.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sodat hierdie oomblik meer is as net 'n oomblik in die tyd, nl. 'n ontmoetingspunt van tyd en ewigheid. Maar dan het dié God ook in die tyd gekom en in die tyd gespreek.[39]

Indien God egter in sy spreke aan die subjek 'n nuwe kondisie gee om die Waarheid te verstaan (en hierdie daarstelling van 'n nuwe kondisie dus gesien moet word as die herskepping van nie-zyn tot zyn) is die subjek vir hierdie kondisie verantwoording verskuldig teenoor God. Hierdie nuwe kondisie het as gevolg dat die subjek se bestaan nuwe rigting ontvang (be-keer is), en ook hierdie nuwe rigting is die verantwoordelikheid van die subjek.[40] Die subjek ontvang derhalwe in die nuwe kondisie sy pneuma terug en besef eers deur die Oomblik dat die pneuma verlore was. Die taak van die subjek is dus in hierdie nuwe kondisie: Om in verantwoordelikheid te wil om sigself te wees voor God.

